

AFRIKAANSE
WOORDELYS
en Spelreëls

Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

Afrikaanse Woordelys en Spelreëls

*In opdrag van die
Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap
en Kuns saamgestel deur die
Taalkommissie:*

*Dr. S. P. E. Boshoff, Dr. S. J. du Toit,
L. W. Hiemstra, M.A., Dr. W. Kempen,
Dr. T. H. le Roux, Dr. D. F. Malherbe,
Dr. J. du P. Scholtz.*

*Sesde
verbeterde uitgawe
sewende oplaag*

*Nasionale Boekhandel Beperk
Kaapstad Bloemfontein Johannesburg
1960*

AFRIKAANS
MILRENSKY BIBLIOTEEK

ZA439.363

156,784

SUID-AFRIKAANSE-

VOORWOORD

Hierdie druk van die Akademie se **Woordelys en Spelreëls** verskil aansienlik van die vorige uitgawes, hoewel die spellingbeleid en grondbeginsels feitlik ongewysig gebly het. So 'n bewering eis al dadelik 'n verduideliking. Ons behandel die verskille kortliks puntsgewyse.

(a) **Geskrap.** 'n Groot aantal woorde en/of woordvorme uit die vorige **Woordelys** is geskrap, omdat hulle geen spellingmoeilikhede oplewer of behoort op te lewer nie. Ons noem slegs die volgende soorte gevalle:

(1) Eenvoudige, onsamegestelde woorde soos: **baan, bane; beer, bere; boer, boere; boom, bome; buur, bure.** Die spelling van sulke woorde kan bowendien meestal uit samestellinge wat opgeneem is, afgelei word.

(2) Samestellinge en afleidinge wat geen spellingmoeilikhede oplewer nie. As **bantamgewig** en **bantamhoender** bv. aangegee word, is dit stellig oorbodig om **bantamhaantjie** en **bantamhennetjie** ook te vermeld.

Samestellinge met en sonder verbindingsklanke (veral **e** en **s**) eis egter vanweë die vormverskille wel enkele toeligtende voorbeelde soos: **boerbeskuit** naas **boerebeskuit**, **handdoek** teenoor **handearbeid**, **loonraad** teenoor **loonsverhoging**, **verjaardag** naas **verjaarsdag**.

(3) 'n Aantal vreemde, veral Franse, woorde is weggelaat, omdat daar in Afrikaans haas geen behoefte daaraan bestaan nie en die skrywer wat hulle moontlik af en toe nodig kry, tog maar die vreemde skryfwyse moet volg. Geleerde benamings (bv. in suiwer Latyn), soos **Equus caballus**, hoort ewemin in hierdie lys tuis; **Ekwide** daarenteë wel.

(4) By byvoeglike naamwoorde word die trappe van vergelyking wat geen vorm- en/of spellingmoeilikhede oplewer nie, meestal weggelaat en net die verboë vorme aangegee, of anders word aangedui dat die betrokke woord ook onverboë of alleen onverboë gebruik word. In die meeste gevalle is dit 'n saak van grammatika eerder as van spelling.

(5) Wisselvorme is, waar moontlik, verminder en dit sal stellig deur die publiek verwelkom word. Twintig jaar

gelede het ons daaromtrent gekonstateer: „Die alternatief is om tussen twee of meer vorme te kies, en dit kan alleen min of meer willekeurig geskied” (bl. VIII). Dit was destyds volkome juis, maar voortdurende waarneming van die gesproke sowel as die geskrewe woord het ons oortuig dat sommige vorme minder gebruiklik as ander is en dat ons die onnodige weelde van 'n te groot vormverskeidenheid in baie gevalle goed kan ontbeer. Die hiperdeftige boter kan, om slegs 'n enkele voorbeeld te noem, nou sonder nadeel vir botter wyk.

Twintig jaar gelede het ons ook die volgende aanbeveling gedoen: „Waar daar in die geval van vreemde woorde tussen die vreemde en 'n verafrikaanste spelling gekies kan word, daar word in ooreenstemming met die spellingpraktyk van die oorgroot meerderheid van die skrywende publiek die voorkeur aan die verafrikaanste spelvorm gegee” (bl. XV, Opm. 1). Hierdie wenk het soveel byval gevind dat ons tans by talle van woorde die vreemde spelvorm met vrymoedigheid kan weglaat (kyk bv. maar net in die ou lys by woorde wat met au of c begin en vergelyk die paragraaf oor Vreemde Woorde hier onder).

(b) **Bygevoeg.** Bogenoemde besnoeiings is ryklik vergoed deur aanvullings. Ons noem weer net enkele belangrike soorte gevalle:

- (1) **Tegniese, natuurwetenskaplike en ander vakterme.** Vir die vierde druk (1931) het die Taalkommissie reeds van die Akademie die opdrag ontvang om „meer tegniese en wetenskaplike terme op te neem” (kyk Voorwoord, bl. III). In daardie en die volgende uitgawe is aan hierdie opdrag enigsins skoorvoetend gevolg gegee, omdat ons tegniese terminologie destyds nog feitlik van die grond af opgebou moes word. Sedert die stigting van die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek en van die Vaktaalburo, en danksy die publikasie van allerlei vakwoordelyste, het die toestand verander en het dit vir ons moontlik geword om nou 'n groot aantal natuurwetenskaplike en tegniese terme op te neem. Maar baie sulke terme bestaan nog net op papier en moet met versigtigheid behandel word. Die Taalkommissie het ewenwel eenstemmigheid bereik betreffende die benamings van die skeikundige elemente en ook insake die meeste uitgange van skeikundige terme. Wisselvorme word alleen nog toegelaat in die geval van die uitgange **-ide/-led** en **-ien/-ine**, maar wat bereik is, kan reeds as 'n voor-

waartse stap verwelkom word. Met belangstelling word aanbevelings afgewag oor vakke soos die dierkunde en geologie, om slegs enkele van die terreine te noem waarop ons tans nog weinig leiding gegee het of kan gee. Dit is 'n saak vir verdere samewerking deur die Akademie se twee Fakulteite en vir die Vaktaalburo.

- (2) Eiename. In hierdie uitgawe is 'n aantal persoons- en plekname uit die Bybel, die geskiedenis, die godeleer en letterkunde van die Oudheid en die lys van amptelike plekname in die Unie opgeneem, natuurlik veral in gevalle waar hulle spellingmoelikhede kan oplewer of as tipses kan geld. Daar is blykbaar nog baie Afrikaners vir wie dit nodig is om te beduie dat die bekende Griekse wysgeer in Afrikaans en Nederlands Aristoteles genoem word en nie Aristotle nie, en dat die Romeinse digter Horatius heet en nie Horace nie.
 - (3) Afkortings. Die Akademie het in 1939 'n **Lys van Afkortings** uitgegee. Hierdie lys, met byvoegings vir die natuurwetenskappe, word nou by die Akademie se **Woordelys en Spelreëls** ingelyf, 'n byvoegsel wat die naslaan behoort te vergemaklik.
 - (4) Bladwyser. 'n Bladwyser behoort die opsporing van spelreëls te vergemaklik en die nut van hierdie uitgawe te verhoog.
- (c) **Gewyslg.** Die voorgaande punte kan almal beskou word as 'n natuurlike voortsetting van ons spellingtradisie, altans as nie in stryd daarmee nie. Op 'n paar punte het ons wysigings aangebring wat gelukkig nie op ingrypende veranderings neerkom nie. Ons som weer kortliks op:
- (1) Hoofletter. Of 'n woord met 'n hoofletter gespel moet word, al dan nie, is taalkundig 'n lastige vraagstuk. In Reël 39 het ons leiding daaromtrent probeer gee.
 - (2) Koppelteken en deelteken. Dit ly geen twyfel nie dat die gebruik van die koppelteken baie onoordeelkundig geskied, dat dit oordryf word en tot allerlei inkonsekwensies lei. Die Taalkommissie beveel 'n spaarsamer gebruik daarvan aan en het die koppelteken in baie woorde deur aaneenskrywing of deur die deelteken vervang. Vergelyk vir die gebruik van die deelteken Reël 19.
 - (3) Los of vas. In vorige uitgawes van die Woordelys het ons alleen aaneengeskrewe woorde aangegee, al is hulle soms met koppeltakens verbind. Woordgroepe is nie opgeneem nie, en dit het skrywers dikwels laat twyfel

of bepaalde verbindings van woorde aaneen (met of sonder koppelteken) of los geskryf moes word. Dit is moontlik die belangrikste opsig waarin hierdie uitgawe van voriges verskil dat ons nou ook hierin leiding probeer gee deur voorbeelde van sulke woordgroepe op te neem. Ons is daarvan oortuig dat ook hierdie poging allerweë verwelkom sal word. So is bv. die aanbeveling omtrent die skryfwyse van toe, los of vas (kyk Reël 42), ondanks besware daarteen, oor die algemeen deur die publiek verwelkom. In die praktyk het dit minder valstrikke vir skoolkinders beteken. Om spellingmakers te verwyt dat hulle "eye-philologists" is (soos Jespersen sommige taalkundiges genoem het), is om die aard van hulle taak uit die oog te verloor: hulle moet dit uiteraard dikwels wees, want spelling is iets vir die oog.

- (4) Aparte behandeling. Waar woorde duidelik in vorm en betekenis uiteengeloop het, daar het ons hulle vroeër apart behandel, bv.: **aardig** teenoor **arig**; **dadelik** teenoor **dalk**; **fiuweel** teenoor **ferweel**; **lid** teenoor **lit**; **melancholies** teenoor **mankollek**; **praktiseer** teenoor **prakseer**; **tabak** teenoor **twak**; **versmaad** teenoor **versmaai**. Waar hulle egter slegs as wisselvorme (d.w.s. as vorme sonder verskil in betekenis) beskou is, daar is hulle voorheen bloot as dubbelvorme behandel, bv.: **absent** naas **opsent**, **absoluut** naas **opsluit**, **affêre** naas **affêring**, **bewerasie** naas **bibberasie**, **kwets** naas **kwes**. In die praktyk het geblyk dat die vormverskil maklik tot betekenisverskil lei, en dit het in enkele gevalle in hierdie uitgawe tot verdere skeiding en aparte behandeling gedwing. Daar is natuurlik ook grensgevalle wat miskien te gou deur ons geskei is of wat andersyds later afsonderlik behandel behoort te word — in 'n jong, lewenskragtige taal moet ons dit verwag. Ons kom telkens by dubbel- en oorgangsvorme. Die publiek moet nie te haastig wees om daarvan ontslae te raak nie: sommige daarvan kan nuttige diens verrig. Waar die kans daarop egter feitlik uitgesluit is, behoort standaardisering nou aangemoedig te word.

Ten slotte kan dit nie te dikwels en te sterk beklemtoon word dat hierdie werk nie 'n woordeboek is nie, maar 'n woordelys, wat slegs op spellinggebied leiding wil gee. Dat 'n woord daarin ontbreek, is geen bewys hoegenaamd dat hy nie bestaan of dat sy bestaansreg nie erken word nie.

Die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir
Wetenskap en Kuns:

S. P. E. BOSHOFF.
S. J. DU TOIT.
L. W. HIEMSTRA.
W. KEMPEN.
T. H. LE ROUX.
D. F. MALHERBE.
J. DU P. SCHOLTZ.

AFRIKAANSE SPELREËLS

GRONDBEGINSELS

1. Die Afrikaanse spelling wil:

- (1) die algemeen gebruiklike uitspraak in beskaafde Afrikaans as grondslag aanvaar;
- (2) aansluit by die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling (V.N.S.), soos in 1904 in Suid-Afrika aanvaar, en nie onnodig daarvan afwyk nie;
- (3) sover moontlik gelykvormig wees.

Hierdie grondbeginsels is nou reeds ruim twintig jaar lank (d.w.s. sedert die vierde druk van die Akademie se **Woordelys en Spelreëls** in 1931) gehandhaaf en verskil feitlik slegs in formulering van dié van 1921 (derde druk), met die gevolg dat ons, altans wat die grondbeginsels betref, 'n spellingtradisie van ruim dertig jaar het. Die Akademie se spellingbeleid wat op hierdie beginsels berus, is deur die skrywende publiek en van regeringsweë aanvaar, en daar bestaan geen rede om tans sterk daarvan af te wyk nie.

Dit moet egter vir iedereen duidelik wees dat genoemde beginsels noodsaaklikerwyse dikwels met mekaar in stryd is en dat soms die een en dan weer die ander die deurslag moet gee. Ons kulturele ontwikkeling gedurende genoemde tydperk het aanvulling van die Woordelys nodig gemaak en ons skryfervaring het tot groter presisering van verskeie spelreëls gedwing (vgl. die Voorwoord, waarin besonderhede verduidelik word).

Met die oog op die voorgaande vereis die grondbeginsels van ons spelling tans nouliks nog 'n breedvoerige uiteensetting en kan ons volstaan met 'n saaklike toeligting.

- ### 2. Eerste Grondbeginsel.—
- Ons wil die „algemeen gebruiklike uitspraak” in Afrikaans as grondslag aanvaar. Op grond van hierdie oorweging moes ons spelvorme soos **baïng**, **biekie**, **hiekel**, ens., weer. Hulle verteenwoordig elkeen 'n uitspraak wat wel in beskaafde Afrikaans voorkom, maar wat nie algemeen gebruiklik is nie. Andersyds hou ons rekening met „beskaafde Afrikaans” en moet ons derhalwe spelvorme soos **agint**, **sperskies**, **tarmtyn**, ens., afkeur.

In 'n jong taal soos Afrikaans is dit egter dikwels nie uit te maak watter van twee en soms meer vorme as die gebruiklikste en tegelyk as beskaafde vorm erken moet

word nie. In sulke gevalle is die erkenning van dubbelvorme soos die volgende onvermydelik: **aalwee** naas **aalwyn**, **aartappel** naas **ertappel**, **ken** naas **kin**, **môre** naas **more**, **nôl** naas **nooi**. Daar bestaan in Afrikaans veral 'n groot verskeidenheid van werkwoordelike wisselvorme. Die Voorwoord en die volgende paragraaf kan verder hieromtrent die nodige inligting verstrek.

3. **Tweede Grondbeginsel.**—As ons alleen met die Afrikaanse uitspraak rekening gehou het, sou daar geen rede gewees het om in ons spelling tussen ei en y en tussen f en v te onderskei nie. Dit sou egter sowel vir Afrikaners as vir Nederlanders groot moeilikhede by die lees van die ander volk se taal meegebring het, en om kultuurhistoriese redes het ons besluit om in hierdie geval nie van die V.N.S. af te wyk nie en skryf ons byvoorbeeld:

ei	y	f	v
feit	fyt	fat	vat
lei	ly	fee	vee
Mei	my	feil	veil
peil	pyl	fel	vel
reis	rys	fier	vlier
steil	styl	fonds	vonds
veil	vyl	fors	vors
wei	wy	frank	vrank

Waar die Afrikaanse uitspraak egter duidelik van die Nederlandse afwyk, daar moes die eerste vanselfsprekend ons uitgangspunt vorm, soos o.a. uit die volgende tiperende voorbeelde kan blyk:

Nederlands.	Afrikaans.
doorn of doren	doring
garf	gerf
hoofd	hoof
ijzer	yster
inkt	ink
leven	lewe
mast	mas
muts	mus
nacht	nag
ogenblik	oomblik
over	oor
paard	perd
schaap	skaap
stipt	stip
zacht	sag

4. **Derde Grondbeginsel.**—Tussen die slotklante van **hand** en **kant** bestaan daar geen verskil nie. Die meervoudsvorme is egter onderskeidelik **hande** en **kante**, en gevolglik skryf ons in die enkelvoudsvorme in die een geval 'n **d** en in die ander 'n **t**. Dit doen ons dan ooreenkomstig die reël van die gelykvormigheid, wat eis dat die grondwoord en sy samestellinge, afleidinge en verboë vorme sover moontlik op dieselfde manier gespel moet word. In ooreenstemming hiermee skryf ons bv. **senuwee** (nie **senewee** nie) en **skaduwee** (nie **skadewee** nie) met die oog op vorme soos **ontsensu** en **oorskadu**, wat nie anders gespel kan word nie. Dergelike oorewegings geld by spelvorme soos **daardie** en **hierdie**, waar die uitspraak moontlik getrouer weergegee sou gewees het deur **darie** en **hierie** onderskeidelik. So word waarskynlik meestal uitgespreek sovel (of enigszins plat **suffel**) en **wanner**, terwyl in die spelling alleen met die vol vorme **soveel** en **wanneer** rekening gehou word.

Die uitspraak stel egter perke aan die toepassing van hierdie grondbeginsel, en so skryf ons bv. **hoof**, al lui die meervoud **hoofde**. Allerlei faktore kan daarvoor verantwoordelik wees dat die verband tussen verwante woorde so verbleek raak dat alleen 'n opsetlik etimologiese spelling die samehang deur die skrifbeeld vir die oog kan herstel. So skryf ons bv. **dalk** teenoor **dadelik**, **mos** teenoor **immers**, **watter** teenoor **wat vir**, ens., hoewel hierdie woordpare etimologies saamhang. Daarmee kom ons weer by wisselvorme uit, wat in die volgende paragraaf uitvoeriger behandel word.

WISSELVORME

5. Die wisselvorme kan in twee groepe ingedeel word:
- (a) die met vreemde naas verafrikaanste vorme, bv. **cachet** of **kasjet**, **chic** of **sjiek**, **corps** of **korps**, **restaurant** of **restourant**, **Tswana** of **Setsjoeana**, **Xhosa** of **Kôsa**, **zero** of **sero**;
 - (b) die wat verskille in die Afrikaanse uitspraak weergee, bv. **elenaardig** of **eigenaardig**, **ken** of **kin**, **more** of **môre**, **ploe** of **ploeë** of **ploeg**.

Wat (a) betref, is die aantal wisselvorme sterk verminder, soos blyk uit die spelling van vreemde woorde. Hier is getrag om sover moontlik net een spelling te gee, maar waar gemeen is dat die vreemde spelling naas die verafrikaanste behou moet word, daar is dubbelspellings gegee. In hierdie verband kan veral vreemde naas Afrikaanse

meervoudsvorme genoem word. bv. *carnivora* of *karnivore*, *daktill* of *daktilusse*, *historici* of *historikusse*, *laboratoria* of *laboratoriums*, *musea* of *museums*, *papiri* of *papirusse*.

Wat (b) betref, waar dit veral om verskil in uitspraak gaan, is eweneens daarna gestreef om die aantal wisselvorme sover moontlik te verminder. Wanneer 'n woord in die algemene, beskaafde taal egter meer as een uitspraak het, word dit gewoonlik in die spelling weerspieël. Daarom moet by groep (b) 'n ruim aantal (veral werkwoordelike) wisselvorme behou word.

6. Oor die algemeen word wisselvorme in die Woordelys vermeld, maar in enkele gevalle is dit, o.a. met die oog op ruimtebesparing, voldoende geag om die wisselvorme net hier te vermeld en nie in die Woordelys op te neem nie. Ons noem die volgende gevalle:

- (1) Tussen 'n beklemtoonde en 'n swak beklemtoonde klinker word *g* in die afleidings- en buigingsvorme van Afrikaanse woorde meestal uitgestoot, maar soms behou, bv. *dag* — *dae* of *dage*, *hoog* — *hoër* of *hoger*. Vorme met hierdie *g* (soos in *dage* en *hoger*) word erken, maar nie in die Woordelys opgeneem nie.
- (2) Dieselfde (as in (1) hierbo) geld ook by die meervoudsvorme van vreemde woorde op -oog. *Teologe* word bv. as meervoudsvorm van *teoloog* erken, maar in die Woordelys word alleen *teoloë* aangegee.
- (3) Verlede deelwoorde van werkwoorde op -eer word in die Woordelys alleen aangegee in die vorm met *ge-*, bv. *geïgnoreer*, *geïllumineer*, *geïllustreer*, hoewel daar ook, veral by alledaagse woorde soos *loseer*, *makeer*, *probeer*, *regeer*, *studeer*, *waardeer*, ens., vorme sonder *ge-* voorkom.

Opm. 1.—Wanneer sulke verlede deelwoorde as byvoeglike naamwoorde voor selfstandige naamwoorde gebruik word, kry ons alleen vorme met *ge-*, bv. *geïllumineerde plate*, *geïllustreerde blaale*.

Opm. 2.—Enkele tweelettergrepige werkwoorde wat nie op -eer eindig nie en wat die hoofklem op die tweede lettergreep kry, het soms ook vorme van die verlede deelwoord sonder *ge-*, maar word in die Woordelys alleen met *ge-* aangegee. Ons het hier werkwoorde van die tipe *baklel*, *baljaar*, *galop*, *kapok*, *kasty*: in die Woordelys word bv. alleen gegee *gebaklel*, maar het *baklei* word eweneens erken.

VREEMDE WOORDE

7. In ons vorige uitgawe is woorde van vreemde oorsprong in drie klasse ingedeel:
- (a) Verafrikaanste, algemeen gebruiklike woorde wat volgens die gewone Afrikaanse spelreëls geskrywe word;
 - (b) wildvreemde en moeilik verafrikaansbare woorde wat sover moontlik hulle vreemde spelvorm behou, en
 - (c) 'n tussenklas wat volgens 'n vreemde en 'n Afrikaanse skryfwyse gespel word.

Met „verafrikaanste woorde” het ons destyds woorde bedoel wat in gebruik, uitspraak, vorm of spelling nouliks van eg Afrikaanse woorde te onderskei is, terwyl ons met „moeilik verafrikaansbare woorde” gevalle in die oog gehad het wat in 'n Afrikaanse spelvorm vir ons onherkenbaarder en vreemder as in hulle vreemde spelvorm sou voorgekom het. Gharaas of gharaasj sou bv. vir die oog vreemder as **garage** gelyk het. In sulke gevalle het ons steeds die vreemde spelling behou. Hierdie indeling is sedert genoemde uitgawe nie juis prinsipiël verwerp nie, maar daar het so 'n verskuiwing oor die hele linie plaasgevind dat daar in klasse (b) en (c) min van die voorbeelde van destyds oorgebly het. 'n Groot aantal van die wildvreemde woorde van klas (b) is in die nuwe uitgawe geskrap (vgl. Voorwoord (a) (3) hierbo) en ander is in spelling verafrikaans, met die gevolg dat hulle tot klas (a) oorgetree het. In die geval van die woorde van klas (c) het die skrywende publiek in so 'n mate ons wenk opgevolg om die voorkeur aan die verafrikaanste spelvorm te gee (kyk Voorwoord (a) (5) hierbo) dat hierdie woorde feitlik almal tot klas (a) oorgegaan het. Die verskuiwing het dus in die rigting van verafrikaansing gegaan. Ook dit is in 'n jong taal begryplik: wat twintig jaar gelede geleerd of vreemd geklink het, is vandag gewoon en algemeen gebruiklik.

8. Ons maak derhalwe die volgende indeling:
- (a) Verafrikaanste, algemeen gebruiklike woorde van allerlei herkoms word volgens die gewone Afrikaanse spelreëls geskrywe, bv.: aia, apteek, atjar, baie, basaar, blatjang, eksamen, frikkadel, ghenie, Griekwa, hendiëp, indoena, kala, karmenaadjie, kerrie, kiepersol, klerie, koejawel, konsensie, krieket, kwagga, likkewaan, maroela, mebos, mielie, moesie, piekniek, piering, piesang, pikkenien, pikkewyn, ramkie, renoster, sarsie, tamaai, tameletjie, tarentaal, tolle, ens.
 - (b) Wildvreemde en moeilik verafrikaansbare woorde behou sover moontlik hulle vreemde spelvorme, bv.: **abattoir**,

bahuvrihi, eschscholtzia, garage, genre, gentleman, patois, rugby, sandhi, ytterbium, ens. (kyk veral by woorde onder die letter C).

- (c) 'n Tussenklas word op twee maniere gespel, volgens 'n vreemde sowel as 'n Afrikaanse skryfwyse. In hierdie klas het slegs enkele gevalle oorgebly, waarvan die volgende as voorbeelde kan dien: **cachet** of **kasjet**, **chic** of **sjiek**, **corps** of **korps**, **restaurant** of **restourant**, **zero** of **sero**.

Daar is woorde soos **camouflage** (vgl. die opmerking oor **garage** hierbo) wat moeilik in spelling verafrikaansbaar is en derhalwe die vreemde spelling behou, terwyl die werkwoord **kamoefleer** in 'n verafrikaanste spelvorm aanvaarbaar is.

Naas 'n aantal verafrikaanste meervoudsvorme, bv. **hippopotamusse**, **laboratoriums**, gee ons ook nog die vreemde (geleerde) vorme aan, in hierdie gevalle **hippopotami**, **laboratoria**. Dikwels is die woordliggaam reeds in spelling verafrikaans en het ons slegs 'n vreemde naas 'n verafrikaanste uitgang, bv. **sentrums** naas **sentra**, **teoretikusse** naas **teoretici**.

KLINKERS EN TWEETLANKE

9. (a) In oop lettergrepe, behalwe die woordeinde, word die klinkers **a**, **e**, **o** en **u** nie dubbel geskrywe nie, bv. **bane**, **mate**, **matig**, **trane** teenoor **baan**, **maat**, **traan**; **bene**, **geklede**, **oorsese**, **tering**, **vere** teenoor **been**, **klee** of **kleed**, **oorsees**, **teer**, **veer**; **bore**, **lote**, **slotte**, **vore** teenoor **boor**, **loot**, **sloot**, **voor**; **kure**, **minute**, **mure**, **ure** teenoor **kuur**, **minuut**, **muur**, **uur**.

Opm. 1.—Om praktiese redes word die klinkerteken egter verdubbel in verkleiningsvorme soos **paadjie** en **pootjie** en in superlatiewe soos **ruuste** en **skuuste**.

Opm. 2.—Die **e** word in afleidings- en buigingsvorme voor 'n swak beklemtoonde **e** en die uitgang **-ies** nie dubbel geskrywe nie, bv. **geër**, **onomatopeë**, **onomatopeïes**, **seë**, **treë**, **trogeë**, **trogeïes**, **tweë**, **tweërlele**, **veër**, teenoor **gee**, **onomatopee**, **see**, **tree**, **trogee**, **twee**, **vee**.

- (b) In oop eindlettergrepe word die klinkers **a**, **o** en **u** nie dubbel geskrywe nie; die lang **e**, ter onderskeiding van die swak beklemtoonde **e**, daarenteë wel, bv. **karba**, **ma**, **pa**; **buro**, **duo**, **foto**; **balju**, **parvenu**, **slu**, maar **see**, **tee** teenoor **se**, **te**.

Opm. 1.—In enkele eiename (persoons- en plekname) word die lang o in hierdie posisie soms dubbel geskrywe, bv. **Prinsloo**; **Karoo**.

Opm. 2.—Die dubbel geskrewe e word in samestellinge, samestellende afleidinge, verkleiningsvorme en, ooreenkomstig die reël van die gelykvormigheid, ook in ander afleidinge as die in Opm. 2 by 9 (a) hierbo genoem, behou, bv. **seekat**, **tweeloopgeweer**; **deemoedig**, **meewarig**; **seetjie**, **treetjie**; **senuweeagtig**, **tweede**, **tweehed**, **tweeling**, **weedom**.

Opm. 3.—Vreemde spelvorme met **é** (of **ée**) word in eiename en enkele vreemde woorde behou, bv. **Fouché**, **Naudé**; **attaché**, **attachée**; maar in die verafrikaanste spelvorme skryf ons 'n dubbele e, bv. **dinee**, **kafee**.

10. Verkleinwoorde van selfstandige naamwoorde op -i, -o, -u en beklemtoonde -a kry 'n afkappingsteken voor die uitgang, bv. **l'tjie**, **okapi'tjie**; **kommando'tjie**, **plato'tjie**, **menu'tjie**, **u'tjie**, **mama'tjie**, **ma'tjie**, **papa'tjie**, maar **mammattjie**, **paddattjie**, **pappattjie**, **oumatjie**, **oupatjie**. Woorde op swak beklemtoonde e kry geen afkappingsteken voor die verkleiningsuitgang nie, bv. **skadetjie**, **modetjie**.

Opm. 1.—**Maattjie** is dus die verkleiningsvorm van **maat**, nie van **ma** nie.

Opm. 2.—Van **blad** (papier), **gat**, **pad** en **vat** is die verkleiningsvorme **blaadjie**, **gaattjie**, **paadjie** en **vaattjie**.

Opm. 3.—Vir die verkleiningsvorme van woorde op ee kyk Opm. 2 by 9 (b).

11. Die i-klank word soms as **i** en soms as **ie** geskryf en kom in woorde voor wat ons in twee hoofklasse (i en ii) kan indeel:

(i) Woorde van nie-klassieke herkoms, d.w.s. Nederlands-Afrikaanse woorde, waarby ontlenings aan tale soos Engels, verskillende Oosterse tale (met inbegrip van Maleis-Portugees) en die inboorlingtale gereken word, m.a.w. woorde met 'n Nederlands-Afrikaanse spellingtradisie; en

(ii) woorde van klassieke (Griekse of Latynse) herkoms of aan die Romaanse tale (veral Frans en Italiaans) ontleen, d.w.s. woorde met 'n min of meer internasionale spellingtradisie.

Klas (i).—Hier word die i-klank, op enkele ontleende woorde na (kyk die opmerking), orals deur ie voorgestel, onverskillig of die lettergreep oop of geslote is: (inheemse woorde) bietjie, geskiedenis, iemand, iets; (uit Engels) krieket, plekniek, sieling of sjelling; (uit Oosterse tale) kierang, mielle, pickel, piering; (uit inboorlingtale) kierre, oorbietjie.

Opm.—By 'n klein aantal van hierdie woorde word die i-klank egter deur i voorgestel, o.a. derwisj, emir, fakir, okapi, sandhi.

Klas (ii).—Hier word die i-klank in 'n oop begin- en binne-lettergreep deur i voorgestel: albino, artikel, fisika, fisikus, kritikus, titel.

- (1) In geslote lettergrepe en in 'n oop eindlettergreep (kyk egter die opmerkinge) word die i-klank voorgestel deur ie: anoniem, flottielje, parasiet, plesier, tragies; bagasie, formasie, monopolle, nasie, profesie, utopie.
- (2) By verbuiging en afleiding met Afrikaanse agtervoegsels soos -er, -erig, -ig word die ie van die geslote lettergreep in die oop lettergreep behou, bv. masjiene; subtieler; petieterig; piesierig.
- (3) By afleiding met vreemde uitgange soos -aal, -eer, -erie, -laal, -is, -itelt, -ities, -itisme word die ie van die geslote eindlettergreep in die oop lettergreep vervang deur i: familiaal, masjineer, masjinerie, masjinis, aktiwiteit, Semities, parasitisme.

Opm. 1.—In 'n klein aantal woorde word die i-klank in 'n geslote lettergreep deur i voorgestel, soms met ie daarnaas in die verafrikaanste spelvorm, o.a.: chic (of sjiek), himne, illustreer.

Opm. 2.—By 'n aantal woorde word die i-klank in 'n oop eindlettergreep deur i voorgestel, o.a.: alibi, confetti, pari, vermicelli. Hiertoë behoort ook meervoude op -ci en -i: historici, musici; papiri.

12. (a) Lang, oop e, i, o en u word in oop lettergrepe met 'n kappie (sirkumfleks) geskrywe: affère, bêre (ww.), iê, wêreid; wêe (mv. van wig); môre (naas more), sôe (mv. van sog); brûc of brûens, rûe of rûens (mv. van brug en rug).

(b) Met die oog op die gelykvormigheid (derde grondbeginsel, par. 4) word die kappie van die verboë, oop lettergreep egter ook in die onverboë, geslote lettergreep by die ê-klank geskrywe, m.a.w. **militêr, primêr, skêr**, ens., met die oog op **militêre, primêre, skêre**. As die klinker net in 'n geslote lettergreep voorkom, word geen kappie gebruik nie: **kers, perd, stert, ver**.

Opm. 1.—Ons skrywe die kappie ook by die volgende woorde, hoewel die lettergreep geslote is: **blêr, kês**, en in samestellinge en afleidinge van hierdie woorde.

Opm. 2.—By vreemde woorde kan die vreemde **al** i.p.v. die verafrikaanste **ê** behou word: **air, clairvoyant**.

13. Die **au** word behou in persoonsname, plekname e.a. eiename, bv. **Naudé, Raubenheimer; Australië; Augustus**; en in die vreemde woorde waarvan die spelling nie verafrikaans word nie, bv. **aula, fauna**. By verafrikaansing van die spelling word **au** vervang deur **ou**, bv. **kousaal, ouditeur, toutologie**; in enkele gevalle met **au** daarnaas: **restourant** naas **restaurant**.

14. Om historiese en kulturele redes (tweede grondbeginsel, par. 3) behou ons, net soos in Nederlands, **ei** naas **y** (Ndl. **ij**), hoewel ons, ewemin as die Nederlander, verskil in uitspraak maak tussen die twee: **lei**, steil **wei** teenoor **ly**, styl, **wy**.

Opm. 1.—Soms het ons **ei** naas **ee**, soms met verskil van betekenis: **bleik, teiken, vleis** naas **bleek, teken, vlees**.

Opm. 2.—Ons het **y** naas **ee** in **op stryk/streek, van stryk/streek** (af) en in dergelike uitdrukkinge met die betrokke woord.

15. (a) Die verswakte vorme **-lik, -liks** is die reël, bv. **dergelik, heimlik, waarlik; jaarliks, maandeliks**; die vol vorme **-lyk, -lyks** word egter geskrywe in **desgelyks, insgelyks, soortgelyk**.

(b) Die vol vorm **-ryk** is die reël, bv. **heilryk, kunsryk, lefderyk, omvangryk, roemryk, vindingryk**; die verswakte vorm **-rik** word egter geskrywe in **belangrik**.

(c) Waar die voorsetsel-voorvoegsel **by-** in die uitspraak verswak tot **be-**, word dit ook so geskrywe: **bedags, besonder, besonderheid, besonders, betyds**. Ons spel egter **byvoorbeeld**, hoewel die voorvoegsel sowel verswak as vol uitgespreek word.

16. Die uitgange **-lik, -liks, -ling, -loos, -nis** kry dikwels die swak beklemtoonde **e** daarvoor, en van die uitgang **-erig** val die **e** meermale weg. By die vraag of die **e** voor die uitgang **geskrywe** moet word of nie, is dit prakties die beste om van die klankbou van die woord uit te gaan. In die Woordelys word alleen die vorme opgeneem wat as norm beskou word; waar 'n skrywer 'n vorm met **-e** wil gebruik, staan dit hom vry. Ons kry dan die volgende aanwysings:

(a) Ons skrywe **-elik** en **-eliks** na:

(i) **b, d, w:** onhebbelik; dadelik, duidelik, geldelik, vyandelik, maandeliks; afskuwelik;

(ii) **ft, gt, kt, pt, st:** skriftelik; aandagtelik, nagtelik; bedektelik; amptelik, stiptelik; feestelik, vorstellik.

Na ander klanke en klankverbindings as die genoemde word **-lik** as die norm beskou: erflik, onbeskryflik; beweeglik, deeglik; aantreklik, opmerklik; aanneemlik, betaamlik; beminlik, kenlik; begryplik, ouherroeplik; begeerlik, deerlik; gewislik, huislik, wenslik, wyslik; besmetlik, hartlik, triomfantlik; koulik, vroulik.

(b) Ons skrywe **-ling** na **r:** bekeerling, huurling, kleurling, leerling; anders is **-eling** baie gewoon: afstammeling, banneling, drenkeling, gunsteling, lammeling, skipbreukeling, smekeling, stommeling, vlugteling. As die grondwoord op **-e** uitgaan, is dit vanself **-eling:** boeteling, ellendeling.

(c) (i) Ons skrywe **-loos** na **r:** kleurloos, roerloos, weerloos.

(ii) Ons skrywe **-eloos** na **d** (kyk egter die opmerking hier onder), **gt, pt, st:** goddeloos, grondeloos, moedeeloos, reddeloos; kragteloos, magteloos; ampteloos; bewusteloos, rusteloos.

Opm.—By letterlike betekenis word na **d -loos** geskrywe: godloos („sonder God”), grondloos.

(iii) As die grondwoord op **-e** uitgaan, is dit vanself **-eloos:** elndeloos, haweloos, lefdeloos, redeloos, skaamteloos.

(d) Ons skrywe in die meeste gevalle **-enis**, maar na **r** is die vorm **-nls:** bekentenis, belydenis, gebeurtenis, ontsteltenis, vermoënis, vermoënis, teenoor hindernis, steurnis of stoornis, wildernis.

(e) Ons skrywe gewoonlik **-erig:** bangerig, bewerig, doolerig, galsterig, housterig, krullerig, lomerig, lymerig, melerig, nukkerig, skamerig, slaperig, temerig, tingerig; maar na **l, m, ng** voorafgegaan deur 'n swak beklem-

toonde klinker is dit -rlg; knobbelrig, korrelrig, kreukelrig; wasemrig; doringrig, horlgrig, ens.

17. Waar die voorsetsel vir nie meer as sodanig gevoel word nie, maar verbleek het tot voorvoegsel, word dit ver gespel en vas aan die bepaalde woord geskrywe: vernlet, verwas. Met die oog op die b.nw. verlef en die ww. vergoed skryf ons vir goed en vir lief (neem) los.
18. Ten opsigte van die klinker e of i voor ng en nk word die woorde in twee klasse ingedeel in ooreenstemming met wat beskou word as die gebruiklikste uitspraak, nl.:
- (i) woorde met e: eng, meng, skenk („gee”), wenk (s.nw.), ens.; en
- (ii) woorde met i: bring, dink, hings, sklnk („uitgool”), wink (ww.) („teken gee met die hand”), ens.

Opm.—'n Enkele keer is die skeiding nie moontlik geag nie en word derhalwe dubbelvorme gegee: opbrings of opbrengs, winkbrou of wenkbrou.

DIE DEELTEKEN

19. Die deelteken word gebruik:

- (a) Om lettergrepe te skei waar klinkertekens een- of tweelettergrepig opgevat kan word: geleë, leër; beïnvloed, onomatopeïes; reünie; bedrieër, vlieër; oë, vermoë, koeël, ploë.

Opm. 1.—Die verbinding *ae* in eg Afrikaanse woorde, hetsy dit een- of tweelettergrepig uitgespreek word, kry geen deelteken nie: behae, dae, plaë (mv. van plaag), hael, maer, swael, swaer. Vreemde woorde kry deelttekens by tweelettergrepigheid van die *ae*: heksaëder, tetraëder teenoor Caesar, Caesarisme. Hebreeuse name soos Israel (drie lettergrepe) kry egter geen deelteken nie.

Opm. 2.—Ons skrywe geleë en geneë, maar geleentheid en geneentheid; reël en gereël (dus ook 'n vooraf gereëld ontvangs); maar gereeld (bw.); vermoënd, maar moontheid.

Opm. 3.—Ons skrywe woorde soos dieet, offisiel, subsideer sonder deelttekens, teenoor diëte, offisiële, subsidiëring.

- (b) By 'n opeenhoping van klinkers waar ons nie met volle woorde in samestellinge te doen het nie (en 'n koppelteken gebruik soos in na-aap), maar met die sogenaamde verbindingsvorme, bv. hidroëlektries, mikroörganisme, ens.

Opm.—Na 'n klinker met 'n kappie kry die aanvangsklinker van 'n volgende lettergreep geen deelteken nie: lêer, wie, rûe.

DIE AFKAPPINGSTEKEN

20. Die afkappingstekene word gebruik:
- By die meervouds- en verkleiningsvorme van selfstandige naamwoorde (met inbegrip van eiename) op -i, -o, -u en beklemtoonde -a: Nigrini's, okapi's — Nigrini'tjie, okapi'tjie; foto's, Hugo's — foto'tjie, Hugo'tjie; balju's, parvenu's — balju'tjie, parvenu'tjie; karba's, ma's — karba'tjie, ma'tjie;
 - by die meervouds- en verkleiningsvorme van die lettername: a's — a'tjie; m'e of m's — m'etjie;
 - by die meervoudsvorme van persoonsname wat op 'n -e of -s uitgaan wat in die enkelvoud nie uitgespreek word nie: Terblanche'e; Cellers's, De Villiers's, Du Plessis's, Marais's, Viviers's teenoor Du Toits, Rouxs, ens.);
 - by verswakte vorme: daar's (naas daar is), g'n (naas geen), hy't (naas hy het), 'n (as onbepaalde lidwoord teenoor die telwoord een), s'n (naas syn/syne of se), 't (as 't ware of hy is aan 't oes);
 - in die verskuns waar digters om ritmiese of ander redes soms vorme soos berisp'lik i.p.v. berispelik verkies.

MEDEKLINKERS

21. Waar b en d in verboë vorme, soos ribbe, winde, gehoor word, maar in die onverboë vorme as p en t uitgespreek word, skrywe ons ter wille van die gelykvormigheid b en d in die onverboë vorme: rib, wind. As p en t daarenteë in die verboë vorme gehoor word, word hulle om dieselfde rede ook in die onverboë vorme geskrywe: krap, krappe; krip, krippe; lit, litte; stat, statte („Kafferstat”). 'n Enkele keer word sowel die stemlose as die stemhebbende medeklinker geskrywe, soms met verskil van betekenis, bv.: saad, sade of saat, sate (sonder verskil van betekenis), teenoor raad, rade naas raat, rate (met verskil van betekenis).
22. (a) Die letter c kom nie voor in eg Afrikaanse woorde nie. By verafrikaanste spelling word c vervang deur k, s of tj, al na die uitspraak: kabaret, piekniek; sentimeter, sentrum; tjello; in enkele gevalle word c behou naas k: cachet of kasjet, corps of korps.
- (b) Die c word behou in woorde waarvan die spelling nie verafrikaans word nie:

- (i) in woorde aan Latyn of 'n Romaanse taal ontleen: **causerle, centumviraat, Renaissance, Renaissancis;**
- (ii) in afleidinge van einame met c: **Calvinisme, Ciceroniaans, Cisterciënsers;**
- (iii) in die meervoude op -ci: **botanici, historici;**
- (iv) in soortname wat nog aan 'n eenaam verbind word: **cayennepeper, curium** teenoor **nikotien** of **nikotine** en **serium**.
23. Die letterverbinding **ch** kom nie in eg Afrikaanse woorde voor nie.
- Die **ch** word behou:
- (a) (i) in afleidinge van einame met **ch**: **Chileens, Chinees** (of **Sjinees**);
- (ii) aan die begin van woorde van Griekse herkoms (waar die uitspraak soms onvas is en dit as **g** of as **k** uitgespreek word): **chaos, chemie, chillas, chloor, Christen, Christus** (dus ook **n.C.** — na **Christus** en **v.C.** — voor **Christus**), **chronies, chronologies, chroom, chtonisoterm**, asook in afleidinge en samestellinge waar die **ch** van sulke woorde in die woord te staan kom: **achillie, antichris, melancholies, outochoon, sinchronies, sinchronisme, spirocheet**; Opm.—Ons skrywe egter in enkele woorde **k**, soos aan die begin van **karakter, krisant, kroniek** en in die middel van **hipokonders** of **ipekonders** en van **mankoliek**.
- (iii) in woorde wat uit of deur Frans tot ons gekom het en wat soms 'n verafrikaanste spelling met **sj** daarnaas het: **charter, chauvinisme, chirurg; cachet** of **kasjet, chic** of **sjiek**; Opm.—Soms het ons alleen **sj**: **sjampanje, sjarmant**.
- (b) Origens word **ch**, van watter herkoms ook al, deur **g(g), k, s, sj** of **tj** vervang, al na die uitspraak: **amflbraggies, argief, argipel, bragisefaal, eggo; katkisasie; sarsie; masjien, masjinis; tjek**. Opm.—Kyk by 29 (vii) insake die verbinding **sch**.
24. Waar **d** in die uitspraak gewoonlik gelykgemaak word aan 'n voorafgaande **l, n, r**, bly dit in die spelling tog bewaar: **kelder, solder; eenders, hinder, hoender, kinders; daardie, hierdie, perde**.
25. (a) Verlede deelwoorde het g'n **-d** op die end nie, behalwe waar die grondwoord reeds op **-d** uitgaan; **die skape** word **getel**; **die huis** word **verander**; **almal** het **gestem**;

hulle het ons genooi, teenoor sy lewe is gered; die oorlog het gewoed; die weg is verbreed.

- (b) Die verlede deelwoord van werkwoorde op -l, -m, -n, -ng, -r of 'n tweeklank kry in byvoeglike of figuurlike funksie gewoonlik 'n -d op die end, bv. hy is vandag nie goed gestemd nie; die onderwyser is baie bemind; die geselskap was gisteraand weer erg gemengd; die vrugte lê gesaaid onder die bome; die vee staan verspreid oor die land.

Opm.—By woorde soos bepaald, gereeld, gewend is die -d vas.

26. Op die end van Afrikaanse woorde word nie geskrywe nie:

- (a) d of t na f, g en s: bedroef, beleef, drif; besorg, bevoeg, bedug; bedees, bewus, gerus (teenoor Ndl. bedroefd, beleefd, drift; bezorgd, bevoegd, beducht; bedeesd, bewust, gerust);

- (b) t na k of p: bedruk, direk; gestreep, ongerep (teenoor Ndl. bedrukt, direkt; gestreept, ongerept).

Opm. 1.—Waar d of t in verboë vorme of afleidinge te voorskyn kom, word dit geskrywe: beleefde, besorgde, bewuste, drifte; bedruktheid, benodigdheid, hoofdelik, ongereptheid.

Opm. 2.—Dubbelvorme word toegelaat by 'n klein aantal woorde en by samestellinge en afleidinge daarvan, bv. ag of agt, agste of agtste, borsrok of borstrok, koshuis of kosthuis, maag of maagd, meesal of meestal, tak of takt, takloos of taktloos.

27. Die klank in „berge” deur g voorgestel word, stel ons in eg Afrikaanse woorde deur g en in ontleende woorde dikwels deur gh voor: dagha (bouklei), ghâap, ghangang, ghienie, ghries, ghwano (naas guano).

28. By verafrikaansing van die spelling word g(g) vervang deur k(k) of s, al na die uitspraak: bakatel, bokkie; loseer, sersant. Waar g by dieselfde woord meer as een uitspraak het, word die letter behou: korrigeer, regiment.

29. Vir sover woorde van vreemde herkoms nie hulle vreemde spelvorme behou nie, word die volgende medeklinkerverbindinge soos volg behandel:

(i) gn word deur nj vervang: konjak, sinjaal, v'njet;

(ii) gu word, al na die uitspraak, vervang deur gh, ghw of k: ghitaar (naas kitaar); ghwano (naas guano); koejawel;

(iii) ll word deur ij vervang: briljant, medalje;

- (iv) **ph** en **rh** word onderskeidelik deur **f** en **r** vervang: **difterie**, **filloksera**, **ftisis**, **tifus**; **rapsodie**, **ritme**;
- (v) **qu** word, al na die uitspraak, vervang deur **k** of **kw**: **antiktelt** of **antikwiteit**, **kadriel**, **trankiel**; **kwesor**, **kwestuur**, **kworum**;
- (vi) **sc** word, al na die uitspraak, vervang deur **s** of **sk**: **konsensie**, **septor**; **arteriosklerose**, **skeptikus**, **skriba**, **viskose**, maar tussen klinkers deur **ss** vir sover dit nie die uitspraak **sk** het nie: **adolessensie**, **dissipel**, **dissipline**, **ossillator** teenoor **diskonto**, **fresko**, ens., terwyl **sc** in vreemde woorde soos **ensceneer**, **Fascisme** en **scenario** behou word;
- (vii) **sch** word vervang deur **sk**: **eskatologie**, **isklas**; **skema**, **skisma**, **skolastiek**;
- (viii) **th** word deur **t** vervang: **eties**, **matematies**, **metiel**, **teoretikus**, **tesis**, **tesourie**.
30. Ons skrywe **ss**:
- (a) in die superlatief van 'n positief op **-s**: **boosste**, **dwaasste**;
- (b) wanneer in samestellinge die eerste deel op **s** uitgaan en die tweede met **s** begin: **grassaad**, **toetssteen** teenoor **gewetenstryd** (naas **gewetetryd**), **lewenskets**, **melsieskool**, **regeringsaak**.
Opm.—Oor **ss** in woorde soos **adolessensie** kyk 29 (vi) hierbo.
31. By ontleende woorde word die **t** van **-tie** behou of vervang deur **s**, al na die uitspraak: **digestie**, **kweties**, **suggestie**, maar **aksie**, **kwessie**, **nasie**, **projeksie**.
32. Die verbinding **ts** wissel soms af met **s**, soms met verskil in betekenis: **groots** naas **groos**, **kwets** naas **kwes**, **koets** (**ww.**) of **koes**. Ons skrywe **kwesbaar** of **kwetsbaar**, maar net **kwetsend**, **kwetsing** of **kwetsuur**.
33. Aan die begin van woorde skrywe ons **v** of **f** in ooreenstemming met die V.N.S. (kyk tweede grondbeginsel, par 3).
34. By woorde van vreemde oorsprong word **v** in die lettergreep met swak klem soms afgewissel met **w**, soms deur **w** vervang. Ten opsigte van die spelling word die betrokke woorde in drie groepe ingedeel:
- (a) woorde wat met **v** gespel word: **alluviaal**, **devalueer**, **envelop**, **invalide**, **universeel**, ens.;
- (b) woorde wat gespel word met **v** of **w**: **individu** of **indiwid**, **revolusie** of **rewolusie**, ens.;
- (c) woorde wat net met **w** gespel word: **goewerneur**, **reserwe**, **serwituut**, ens.

Opm.—Vorme soos konvensioneel, provinsiaal, provisioneel word met v gespel met die oog op die grondvorme konvensie, provinsie, provisie (derde grondbeginsel, par. 4).

35. (a) Die x word behou aan die begin van woorde van vreemde oorsprong, asook waar sodanige woorde in samestelling en afleidinge binne woorde te staan kom: **xenograaf**, **xilofoon**, **xilose**; **euxantoon**, **fitoxantien** of **fitoxantine**, **piroxeen**.
- (b) Die x word vervang deur ks in die middel of op die end van woorde wat in spelling verafrikaans is: **aleksandryn**, **eksamen**, **eksaminandus**, **eksodus** („uit-tog”), **laks**, **ouksiliër**, **sikspens**.
36. By verafrikaansing van die spelling word y vervang deur j: **jaart** naas **yard**, **jen** (Japanse muntstuk). In 'n woord soos **youngbessie** word y behou, omdat dit na 'n persoon genoem is.
37. Die letter z kom oor die algemeen nie voor in Afrikaans nie. Die z word egter behou:
- (i) in afleidinge van einame: **Zwingliaan**;
- (ii) waar die uitspraak z vas is by woorde van vreemde oorsprong en by klanknabootsing, soms met s daarnaas: **zero** of **sero**, **zits**, **zoem**.

VERDUBBELING VAN MEDEKLINKERS

38. (a) (1) 'n Medeklinker word in Afrikaanse woorde dubbel geskrywe wanneer dit tussen 'n kort, beklemtoonde klinker en 'n volgende klinker staan: **makker** (teenoor **maker**), **stowwe** (teenoor **stowe**).

Opm.—Die reël geld nie vir tweeklanke of vir **l/le** en **oe** nie: **gaipe**; **sproete**; **dieper**, **tipe**.

- (2) Wanneer die voorafgaande klinker daarenteë wel kort is, maar nie die hoofklem dra nie, word die medeklinker nie verdubbel nie: **heerlike**, **middele**, **monnike**.

Opm. 1.—Na 'n kort, onbeklemtoonde **a** en **o** word die slotmedeklinker van die simpleks altyd in fleksievorme verdubbel: **gammatte**, **landskappe**; **biskoppe**, **elendomme**.

Opm. 2.—Na 'n kort, onbeklemtoonde **a**, **e**, **i**, **o** en **u** word 'n slot-s van die simpleks altyd in fleksievorme verdubbel: **atlasse**, **judasse**; **irisse**, **kennisse**; **eposse**; **bonusse**, **sinusse**.

- (b) In die geval van vreemde woorde word sover moontlik die Ndl. spelling as rigsnoer gevolg ten opsigte van die verdubbeling van medeklinkers: **baseer, interessant, klassikaal, papegaai, paraffien, passeer, ens.**
- (c) Waar die Ndl. spelvorme weens vormverskille, onbekendheid van die woorde, of om watter rede ook al, weinig leiding kan gee, daar handhaaf ons die Afrikaanse spellingtradisie en skrywe ons:
- (1) met 'n dubbele medeklinker: **bobbejaan, frikkadel, likkewaan, pikkewyn, en**
 - (2) met 'n enkele medeklinker: **tameletjie, tarentaal, tasal.**
- (d) Afgeleide woorde wat, sover dit Afrikaans betref, verband hou met woorde op 'n medeklinker voorafgegaan deur 'n kort, beklemtoonde klinker (behalwe dié in die Opm. by 38 (a) (1) genoem) kry 'n dubbele medeklinker: **adresseer, appelleer, banketteer, bivakkeer, blokkeer, briketteer, debatteer, galoppeer, Japannees, kanonneer, kanonnier, kasseer, kassier, liasseer, modelleer, pardonmeer, parketteer, rebelleer, skrobbeer, skrobbering, Soedannees, stoffeer (teenoor para-grafer), tabelleer, tiranniseer (teenoor fatsoeneer, harpoeener, pensioeneer, spioeneer).**

Opm.—Afgeleide woorde wat, sover dit Afrikaans betref, nie verband hou met woorde op -n nie, kry 'n enkele n: **fraksioneer, funksioneel, funksioneer, impressionisme, petisionaris, reaksionêr, revolusionêr of rewolusionêr, stasioneer.**

DIE GEBRUIK VAN HOOFLETTERS

39. Dit is moeilik om die gebruik van hoofletters onder reëls te bring, en 'n mate van vryheid moet daarby gelaat word. In die algemeen word hoofletters gebruik by die skryfwyse van eiename en samestellinge en afleidinge daarvan wat nog met die eiename geassosieer word, terwyl soortname meestal met 'n klein letter geskryf word, ook waar hulle van eiename gevorm is en waar die verband met laasgenoemde verflou het (vgl. die Woordelys). Die volgende reëls wil derhalwe alleen in breë trekke leiding gee:

- (a) Eiename kry 'n hoofletter en daaronder val:
- (1) Die eerbiedsbenaminge: **Almagtige, God, Heiland, Here, Verlosser.**
 - (2) Persoons-, land-, plek-, plein- en straatname, asook samestellinge en afleidinge daarvan (kyk egter

Opm. 2): **Adam, Calvyn, Gideon, Mohanmed, Achilles; Afrika, Amerika, Asië; Paarl, Pretoria, Stellenbosch, Stalplein, Kerkstraat; Adamsgeslag, Gideonsbende, Achilleshiel; Calvinisties, Mohammedanisme, Afrikaans, Amerikaner, Asiaat, Paarliet, Pretorianer, Stellenbosse, Kerkstraatse.**

Opm. 1.—Onder die genoemde afleidinge is daar o.a. taal- en volksname (**Afrikaans, Amerikaner, Asiaat**). Ander dergelike name wat nie met die name van lande verband hou nie, asook samestellinge en afleidinge daarvan, kry natuurlik eweneens 'n hoofletter: **Bantoe, Boesman, Hottentot; Bantoetaal, Boesmanssprekend, Hottentotvolk; Bantoeis, Bantoeïsme, Bantoeïstik, Bantoeïsties, Hottentotisme; Anglisme.**

Opm. 2.—Dergelike eiename (met inbegrip van samestelling en afleiding daarvan) wat soortname geword het deurdat hulle verband verflou het of wat as onverboë byvoeglike vorme met soortname verbind word of wat as werkwoorde gebruik word, word met 'n klein letter gespeld: **jalap, sjampanje, swaap; duiskoring, klaaslouwbossie, namakwaduif; bajonet, torium; berlinsblou, spaansriet, turks-
vy(g); boikot, duinkerker, macadamiseer.**

- (3) Name van fabrikate, produkte, ens., na die name van die vervaardigers, ens., genoem en nog daarmee verbind, asook samestellinge daarvan: **Ford, Hansard, Krupp; Fordmotor, Hansardverslag, Kruppkanon.**

Opm. 1.—Wanneer die verband met die eienaam onregstreeks is, is 'n klein letter toelaatbaar: **bunsenbrander, dieselmotor, kiekie, pinsbek, spykerbalsem.**

Opm. 2.—Name van gesteentes na persone of plekke genoem, word gewoonlik met 'n klein letter geskrywe, al word die verband (blykens die spelling) nog gevoel: **bauxiet, lombardiet, zaratiet.**

- (4) Titulatuurbenaminge wat as aanspreekvorme gebruik word of waar die eiename daarby ont-

breek, asook die afkortings daarvan: **Administrateur, Eerste Minister, Generaal, Kommandant, Professor, Voorsitter; Admin., Genl., Kmdt., Prof., Voors.**

Opm.—Waar sulke benamings (asook hulle afkortings) voor eiename verskyn, of die voorletter(s) nou al daarby staan of nie, word hulle gewoonlik met 'n klein letter geskrywe: **administrateur A. Botha of genl. A. Botha, generaal Burger of genl. Burger, ens.**

- (5) Name van families, ordes, klasse en rasse (van diere en plante), asook samestellinge en afleidinge daarvan: **Fries, Hereford, Jersey; Friesbees, Herefordbul, Jerseykoel; Dikhuidiges, Koudbloediges; Lelieagtiges, Roosagtiges.**

- (6) Name van aardrykskundige begrippe soos die keerklinge, sterre, sterrebeelde, ens.: **Kreefskeerkring, Steenbokskeerkring; Mars, Venus; Sewegesternte, Suiderkruls.**

Opm.—Wanneer die naam van 'n windrigting 'n bepaalde deel van die aardoppervlakte aandul, kry dit ook 'n hoofletter, bv. die **Ooste (Oriënt).**

- (7) Name van die dae, kerklike en wêreldlike feesdae, maande, geskiedkundige gebeurtenisse en tydperke: **Maandag; Goele Vrydag; Krugerdag; April; Swarte Rondgang; Hervorming; Renaissance.**

- (8) Name van gelowe, leerstelsels, partye, ens., en van die aanhangers daarvan: **Protestantisme; Stoïsimisme; Arbeidersparty; Protestant, Stoïsyn, Arbeider.**

Opm.—Ons onderskei bv. tussen **Arbeider** (lid van die Arbeidersparty) en **arbeider** (werker).

- (9) Name van inrigtings, instellings, liggame, studievakke, eksamens: **Staatsbiblioteek; Staatsdienskommissie; Huishoudkunde; Matrikulasie.**

Opm.—Ons onderskei bv. tussen **Geskiedenis** (as vak) en **geskiedenis** (bv. in: Hy skrywe 'n geskiedenis van Suid-Afrika).

- (10) Name van boeke, koerante, tydskrifte, ens., en van samestellinge en afleidinge daarvan: **Bybel, Openbaringe; Die Burger, Die Vaderland; Die Brandwag, Die Huisgenoot; Bybelkenner; Skrifuitlêer; Bybels(e).**

- (b) Die eerste woord van 'n sin of van 'n opskrif (behalwe wanneer dit met die onbepaalde lidwoord 'n of 'n syfer of simbool begin), die opskrif as geheel of die ver naamste woorde daarin word met 'n hoofletter geskryf.
- (c) 'n Aantal tradisionele afkortings (vir die name van lande, inrigtings, liggame, ens.), bekend as die sgn. lettername, word met hoofletters geskrywe (vgl. die Lys van Afkortings).

MEERVOUDSVORME

40. Die vraag omtrent die gebruiklike meervoudsvorme is 'n aangeleentheid wat eerder tuis hoort in 'n grammatika as by spelreëls en in 'n woordelys, wat alleen op spellinggebied leiding wil gee. Waar ons dit egter nodig geag het, het ons die betrokke vorme in die Woordelys aangegee.

Dit is miskien nie onvanpas om hier ook enkele van ons reëls in verband met bepaalde soorte gevalle saam te vat nie.

- (1) (a) Die meervoud van selfstandige naamwoorde op **-a** word gespel met 's as die hoofklem op die **-a** val; val die hoofklem daarenteë nie op die **-a** nie, dan is die afkappingsteken onnodig, omdat geen misverstand kan ontstaan nie: karba's, pa's, maar oupas, paddas (mv. van karba, pa; oupa, padda).
- (b) Die meervoud van selfstandige naamwoorde op die klinkers **-i**, **-o** en **-u** word gespel met 's: alibi's, buro's, balju's (mv. van alibi, buro, balju).
Opm.—Kyk by Reël 9 (a), Opm. 2 insake die meervoud van woorde op **-ee**, soos **seë**, **tweë**, ens.
- (c) Die meervoud van letters word met 'n afkappingsteken gespel: **a's**, **b's**, **r'e** of **r's**, ens.
- (2) By woorde op **-i** skryf ons **-ië** (naas **-is**) en by **dié** op **-ie** skryf ons **-ieë**, bv **alkalië** (naas **alkalis**), **chemikalieë** en **genieë** (mv. van **alkali**, **chemikalie** en **genie**).
- (3) By woorde op **-(l)ing** het ons:
- (a) soms net **-e**: **aankomelinge**, **ballinge**, **drenkellinge**;
- (b) soms net **-s**: **affêrings**, **blindings**, **senings**; en
- (c) soms **-e** of **-s**: **beskawinge** of **beskawings**, **samestellinge** of **samestellings**, **vergaderinge** of **vergaderings**.
- (4) By samegestelde titels het ons die volgende:
- (a) By woordkoppeling wat 'n rangsverhouding in 'n rangstelsel aandui sonder vermelding van die amps-hoedanigheid waarin die rang beklee word en waarby een van die dele 'n bepaling van die ander

is, verbuig die laaste deel by meervoudsvorming: **generaal-majors, sersant-majors; luitenant-generaals, luitenant-kolonels.**

Cpm.—By die eerste twee voorbeelde bepaal die laaste deel die eerste, terwyl dit by die laaste twee voorbeelde net andersom is.

- (b) By kopulatiewe samestellinge, naamlik by samestellinge waarby een deel nie die ander bepaal nie, maar waarby die begripsinhoud van die geheel die som van die dele is, kom die meervoudsuitgang eweneens aan die einde van die laaste deel: **koning-keisers, koningin-regentesse, luitenant-betaalmeesters, offisier-veeartse, prins-gemale, sekretaris-penningmeesters, speurder-sersante, veldheer-filosowe.**

Opm.—Vorme soos **moedermaag(d), godmens** en **hereboer** hoort, streng gesproke, ook by hierdie klas, maar word al as een woord geskrywe.

- (c) By woordkoppeling wat ampshoedanigheid aandui en waarby altyd die laaste deel 'n bepaling van die eerste is, kry die eerste deel die meervoudsuitgang: **adjudante-generaal, goewerneurs-generaal, kommandante-generaal, kwartiermeesters-generaal, posmeesters-generaal.**
- (5) (a) By persoonsname op -i, -o en -u skryf ons 's: **Nigrini's, Hugo's, Bossu's.**
- (b) By persoonsname op 'n -e of 'n -s wat in die enkelvoud nie uitgespreek word nie, skryf ons 'e of 's onderskeidelik: **Terblanche'e; Celliers's; De Villiers's; Du Plessis's; Marais's; Viviers's.**
- (c) By alle ander persoonsname skryf ons -e of -s (sonder apostroef), al na die geval: **Buyse, De Vriese, Du Toits, Roose, Scholtze, Schooneese, Bothas, Coetzees, De la Reys, Fouchés, Rouxs.**

VERDELING IN LETTERGREPE

41. Die verdeling van woorde in lettergrepe plaas ons voor verskillende fonetiese en ortografiese vraagstukke. Neem die twee woorde huisie en potjie, elkeen met twee lettergrepe: by **huisie** val die skeiding voor s, by **potjie** voor tj, wat net een medeklinker voorstel. Wanneer woorde daarenteë skriftelik in lettergrepe verdeel word, kom 'n mens gou voor ongerymdhede te staan. Neem dieselfde twee woorde. Die verdeling **po-tjie** sou meebring dat **po-** uitgespreek word **po-**,

want in 'n oop lettergreep met hoofklem stel o 'n lang klinker voor; verdeel ons in **pot-jie**, dan is dit teen die uitspraak, want **tj** stel slegs een medeklinker voor en dié word in die uitspraak by die tweede lettergreep getrek. Die verdeling **hui-sie** klop met die uitspraak, maar die grondwoord is tog **huls** en die verkleiningsuitgang is **-ie**, nie **-sie** nie.

Alles bymekaar geneem, moet ons tog maar verdeel in **hui-sie** en **pot-jie**, en die feite leer ons dat by die skriftelike verdeling in lettergrepe die deurslag soms gegee word deur die uitspraak, soms daarenteë bloot deur die spelling of die bou van die woord.

By die behandeling van die verdeling in lettergrepe kan ons vir Afrikaans volstaan met die volgende gevalle:

- (a) As daar net een medeklinker is, word dit oor die algemeen by die volgende lettergreep getrek: **be-ker**, **gie-ter**, **hui-sie**, **ko-ning**, **pa-leis**, **ska-vot**, **woe-ker**, **boe-rin** (vergelyk egter **c** (i) en **i** (i) hier onder).
- (b) As daar twee medeklinkers of bloot twee letters is, val die skeiding tussen die twee: **ek-samen**, **pas-tel**, **sin-jaal**, **bak-ker**, **skot-tel**. Let op dat 'n dubbel geskrewe letter soos die **kk** van **bakker** en die **tt** van **skottel** respektieflik net een medeklinker voorstel; die rede vir die verdubbeling van die letter word gevind in Reël 38 (vergelyk egter **c**), **(d)**, **(e)** en **(f)** hier onder).
- (c) Die **dj** en **tj** van verkleinwoorde stel net een medeklinker voor en word:
 - (i) nie geskeie nie wanneer die grondwoord op 'n klinker of tweeklank eindig: **padda-tjie**, **karba-'tjie**, **see-tjie**, **okapi-'tjie**, **balle-tjie**, **kommando-'tjie**, **plato-'tjie**, **koedoe-tjie**, **menu-'tjie**, **laal-tjie**, **mou-tjie**, of 'n swak beklemtoonde **e** aan die verkleiningsuitgang voorafgaan: **rolle-tjie**, **walle-tjie** (kyk vir die gebruik van die afkappingsteken by sommige van die voorbeelde Reël 20);
 - (ii) wel geskeie in ander gevalle: **bad-jie**, **net-jie**, **pit-jie**, **pot-jie**, **baad-jie**, **poot-jie**, **band-jie**, **klont-jie**, **woord-jie**.
- (d) Die letterverbinding **sj** word na 'n swak beklemtoonde lettergreep, waar dit net een medeklinker voorstel, nie geskeie nie en tot die volgende lettergreep getrek: **bro-sjure**, **deta-sjement**, **ma-sjien**.
- (e) **ng** stel soms 'n enkele medeklinker voor, bv. in **angel**, **engel**, soms twee medeklinkers, bv. **ingenieur**, **inge-**

wande. Ons skel in albei gevalle tussen die **n** en die **g**: **an-gel, en-gel; in-geieur, in-gewande.**

- (f) As die tweede van twee medeklinkers 'n **l** of **r** is en die voorafgaande klinker nie die hoofklem dra nie, word die twee konsonante nie geskeie nie en tot die volgende lettergreep getrek: **ba-klel, ka-driel, ma-trone, neutraal, sa-krament.**
- (g) By meer as twee medeklinkers:
- (i) word meestal verdeel tussen die eerste medeklinker aan die een kant en die ander medeklinkers aan die ander kant: **eer-ste, ek-skuus, kun-stig, mon-ster;**
 - (ii) word die verbinding **str** na 'n swak beklemtoonde lettergreep nie verdeel nie en tot die volgende sillabe getrek: **magi-straat, regi-streer;**
 - (iii) moet soms die uitspraak beslis: **fond-se, punk-tuasie.**
- (h) (i) By voor- en agtervoegsels val die verdeling meestal tussen die voor- of agtervoegsel en die woord self: **af-staan, in-stap, grys-aard, huur-ling, wens-lik.**
- (ii) As die agtervoegsel op 'n klinker begin, val die verdeling gewoonlik nie voor die agtervoegsel nie, maar voor die voorafgaande medeklinker van die grondwoord: **boe-rin, sla-vin; heme-ling, roe-ping, vie-ring, wal-ging; lese-res, onderwyse-res.**
- (i) (i) In die geval van duidelike samestellinge en afleidinge word verdeel tussen die betrokke dele: **daar-om, hier-in, kort-om; skuins-te, wins-te, teenoor skuins-ste** (superlatief).
- (ii) Waar die samestellende dele nie meer apart gevoel word nie, word verdeel soos in (a): **o-ral, o-rent** (respektieflik ontstaan uit oor al en oor ent).
- (j) By klinkers en tweeklanke word afgebreek tussen die klinkers, of tussen die tweeklank en die klinker: **dra-er, la-er; leu-en; bou-er, rei-er.**
Die deelteken toon aan waar afgebreek moet word: **re-ël, vo-ël, koe-ël.**

Let Wel.—As 'n woord aan die end van 'n reël afgebreek word, kan die = gebruik word. Hierdeur blyk duidelik of ons bloot met 'n verdeling in lettergrepe dan wel met 'n koppelteken (waarvoor - aangewend word) te doen het.

SAMESTELLING EN SAMEKOPPELING

42. Wanneer woorde in afwyking van die natuurlike sinsverband onmiddellik op mekaar volg, het ons 'n samestelling. Hulle moet altyd aanmekaar geskrywe word, wat in bepaalde gevalle egter kan beteken dat koppeltekens gebruik word om hulle te verbind. By 'n samekoppeling het ons daarenteë 'n natuurlike sinsverband van die betrokke woorde of woordgroep: hulle kan, al na gelang van faktore soos die betekenis, die klem, die funksie, die vorming, die spreektempo, die tradisie of om stylredes, aanmekaar (met of sonder koppelteken) of soms ook wel los van mekaar geskrywe word.

Vir 'n taalkundige studie oor samestelling en samekoppeling word verwys na dr. D. B. Bosman se artikel oor „Die Aanmeekaarskryf van Woorde in Afrikaans” in *Die Huisgenoot* van 10 November 1933 (deur die Nasionale Pers, Kaapstad, in brosjurevorm s.j. uitgegee).

Met die oog op die spellingpraktyk en vir die taalkundig nie-geskoolde skrywerspubliek het dit nie veel sin om hier verder op die verskille tussen samestelling en samekoppeling in te gaan nie. Ons probeer hier gevolglik (afgesien daarvan of dit nou 'n samestelling dan wel 'n samekoppeling is) alleen 'n aantal verteenwoordigende tipes onder reëls bring, wat vir die skryfwyse as leiding kan dien, maar wat nie in alle gevalle as onverbiddelike reëls beskou moet word nie. Dit geld veral vir A (b) en B (b) hier onder. By A (a) moet aanmekaar geskrywe word, by A (b) kan daarenteë aanmekaar (of ook wel anders) geskrywe word; by B (a) moet andersyds 'n koppelteken gebruik word, by B (b) kan dit gebruik word. Deelttekens kom, wat woorde van hierdie aard betref, alleen by verbindings van 'n bepaalde tipe in aanmerking (kyk onder C). Raadpleeg verder die Woordelys wanneer die toepassing van die reëls 'n bepaalde geval moontlik nie heeltemal bevredigend dek nie of twyfel omtrent die skryfwyse daarvan laat ontstaan.

A (a) Aanmekaar moet geskrywe word:

- (1) die groot aantal samestellinge (met of sonder verbindingsklanke) waarby daar hoegenaamd geen rede bestaan om anders as aanmekaar te skrywe nie, bv. gebedeboek, gewetensklousule, handboek, handarbeid, kerkhof, lewensver-sekeringsmaatskappy, polslestasie, verversings-lokaal, vraelys;

- (2) samestellinge en samekoppelingte met -er uit ou fleksievorme, bv. **haarlemmerolie, kinderkamer, lammerwol, noorderlig, westergrens;**

Opm.—Ons skryf egter **Noorder-Paarl, Suider-Paarl.**

- (3) samekoppelingte waarin 'n byvoeglike naamwoord wat anders sou verbuig, in attributiewe posisie onverboë bly, bv. **berlynsblou, fransdruive, halfuur, hooggoond, privaatedosent;**
- (4) aardrykskundige name waarvan die laaste deel 'n soortnaam is, bv. **Oranjerivier, Rossstraat, Vandermerwesrus, Vantondershoek;**

Opm. 1. Ons skryf egter **Oranje-Vrystaat.**

2. Waar sulke name deur voorname voorafgegaan word, word die voorname los geskrywe, bv. **Jan Delangesfontein, Klaas Voogdsrivier.**

- (5) verbindingte van die volgende tipe: **bêrendlangasem, jakobregop, janfrederik, jangroentjie;**

Opm. Name soos **Jan Rap, Jan Salie, Jan Tuisbly** word los geskrywe (en met hoofletters) wanneer hulle nog verbeelde persone voorstel. Wanneer hulle egter as soortname diens doen, word hulle aaneen (en klein) geskrywe: **janrap, jansalie.**

A. (b) Aanmekaar (of ook wel anders) kan geskrywe word:

- (1) samekoppelingte waarin 'n verboë of onverboë byvoeglike naamwoord nie 'n gewone bepaling van die volgende selfstandige naamwoord is nie, maar die twee tesame 'n soortnaam vorm, bv. **geelperske, kortverhaal, wildebees** (teenoor **geelperske, kort verhaal, wilde bees**);

Opm.—Met die oog op die opeenhoping van klinkers gebruik ons 'n koppelteken by woorde soos **bebroeide-eiers** (plantnaam, teenoor **bebroeide eiers**), **wilde-eend, ens.**

- (2) woorde met vreemde voorsetsels en verbindingsvorme soos **a, anti, arterio, bi, bio, di, elektro, ferri, ferro, hidro, hiper, infra, makro, mikro, neo**, bv. **ametrie, antitese, arteriosklerose, bikonkaaf, biochemie, dimorf, elektrodinamika, ferriverbinding, ferromangaan, hidrostatika, hiperkrities, infrarooi, makrosefaal, mikrosefaal, neologisme**;

Opm. 1. Geleenthedsvorminge kan 'n koppelteken kry, bv. **a-godsdienstig, anti-rooktablet, hiper-Afrikaans**.

2. By 'n opeenhoping van klinkers word in sulke gevalle die deelteken gebruik, bv. **biëmbryonies, elektroösmose, mikroörganisme**.

- (3) samestellinge waarvan die eerste lid die stof aandui waaruit die tweede bestaan, bv. **grasdak, klipmuur, koperketel, marmervloer, silwerskottel, ysterpaal**;

Opm. Stofaanduidende byvoeglike naamwoorde op -e word natuurlik los geskrywe, bv. 'n **goue ring** (teenoor 'n **goudstaaf**), asook wanneer hulle 'n figuurlike betekenis het (met of sonder slot-e), bv. 'n **stale wil** (teenoor 'n **staalkabel**), 'n **koper hemel** (teenoor 'n **koperketel**). So verder 'n **silwer vis** (d.w.s. 'n **silweragtige vis**), 'n **silwer rand** teenoor 'n **silwerlepel**.

- (4) woorde van die volgende tipe wat met behulp van agtervoegsels van woordgroepe gevorm is, bv. **inagneming, teraardebestelling** (teenoor **in ag neem, ter aarde bestel**);
- (5) woorde van die tipe **mondvol, mondevol, mondjievol, padlangs, ens.**, wat aaneen geskrywe word as die tweede lid nouer met die eerste lid saamgaan en los as dit minder nou daarmee saamgaan, sodat ons ook kan spel (in ander verband) **mond vol, monde vol, mondjie vol, pad langs, ens.** (Kyk nogtans na reël (9) hiervan i.v.m. verbindings met toe.)

- (6) plantname waarvan die twee dele deur se verbind word, bv. **aapsekos, baalsebos**;

Opm. Woordgroepe soos **Bright se siekte en vanmelewe se dae** word los geskrywe.

- (7) plekname in Suid-Afrika saamgestel uit twee familienaam, bv. **Fauresmith, Raslouw, Roos-senekal**;

Opm. By enkele sulke name word die tradisie geëerbiedig om hulle met 'n koppelteken te verbind, bv. **Graaff-Reinet, Schweizer-Reneke**.

- (8) plekname in Suid-Afrika met 'n telwoord voor 'n onverboë selfstandige naamwoord, bv. **Drieankerbaai, Tweespruit, Vierfontein**;

Opm. Waar 'n telwoord deur 'n verboë selfstandige naamwoord gevolg word, skryf ons los, bv. **Drie Werwe, Twee Riviere, Vier Paale**.

- (9) die nasetsel toe by voorafgaande bywoorde van plek, bv. **agtertoe, vorentoe, boontoe, ondertoe, binnetoe, buitentoe, daarnatoe, daartoe, hiernatoe, hiertoe, waarnatoe, waartoe, sohentoe of soontoe**, ook wanneer dié woorde deur voorsetsels soos **na** en **tot** voorafgegaan word.

Opm. By voorafgaande selfstandige naamwoorde (met inbegrip van die tipe **binnekant, buitekant, diékant, duskant, onderkant**, ens.) en by bywoorde van tyd word toe los geskrywe, bv. **huls toe, Kaap toe, kerk toe; binnekant toe, diékant toe, duskant toe, onderkant toe; tot nog toe, tot nou toe, tot vandag toe**.

B (a) Met 'n koppelteken moet geskrywe word:

- (1) aardrykskundige name en daarvan afgeleide byvoeglike naamwoorde wat onderskeidinge van die volgende tipes behels, bv. **Agter-Indië, Voor-Indië; Noord-Holland, Suid-Amerika, Krugersdorp-Noord, Pretoria-Oos; Groot-Brittanje, Klein-Letaba; Waterval-Bo, Waterval-Onder; Brits-Oos-Afrika, Nederlands-Oos-Indië, Portugees-Oos-Afrika; Klein-Asiaties, Suid-Afrikaans**;

- (2) samestellinge en samekoppelinge wat uiteraard nie aanmekaar geskrywe kan word nie, bv. **kruidjie-roer-my-nie(t)**, **laat-maar-loop-houding**, **wag-'n-bietjie-boom**;
- (3) woorde wat deur en verbind word, bv. **haak-en-steekbossie**, **olie-en-asyntel**, **sieps-en-braalboud**, **wins-en-verliesrekening**;
Opm. Waar by dergelike koppelinge geen en voorkom nie, word die slotgedeelte met 'n koppelteken aan die voorafgaande verbind, bv. **pond-vir-pond-stelsel**.
- (4) samegestelde titels, bv. **generaal-majoor**, **kommandant-generaal**, **luitenant-kolonel**;
- (5) koppelinge en verbindings van die volgende tipes: **aspirant-kandidaat**, **assistent-direkteur**; **balsem-kopiva**, **boa-constrictor**; **boer-in-die-nag** (plantnaam), **luitenant-ter-see**, **skout-by-nag**; **piet-my-vrou**, **piet-tjou-tjou** (voëlname);
- (6) koppeling van die tipe dertiende-eeus (teenoor dertiende eeu);
- (7) woorde wat met simbole of syfers saamgestel is, bv. **A-grootterts**, **B-mol**, **13-tonwa**, **D-groep**, **Q-taal**, **Standaard VI-klas**, **X-strale**;
- (8) woorde saamgestel met **nie-**, **non-**, **ou(d)-** (in die betekenis „vroeër” of „gewese”) en **vis-** vooraan en met **-hulle** agteraan, bv. **nie-blanke**, **nie-nakomling**, **non-aktiwiteit**, **Ou(d)-Duits**, **oud-leerling**, **vis-voorsitter**; **pa-hulle**, **Piet-hulle**;
Opm. Ou verbindings en samestellinge soos **nieteenstaande**, **nietemin** en **nonkonformis** word aanmekaar geskrywe.
- (9) koppeling met Latynse woordgroepe soos **ad hoc-komitee**, **bona fide-boer**, **ex gratia-betaling**, **ex officio-lid**.

B (b) Met 'n koppelteken (of ook wel anders) kan geskrywe word:

- (1) redupliserende formasies, samestellinge daarmee en verkleiningsvorme daarvan, bv. **fluit-fluit**, **nou-nou**, **staan-staan**, **woer-woer**; **dum-dum-koeël**, **tjou-tjoukonfynt**, **woer-woertjie**, **asook** gedeeltelike herhalingsvorme van die tipe **eksieperfeksie**, **ewwa-trewwa**;

Opm. Reduplikasies wat alleen in verkleiningsvorme bestaan, kry geen koppeltekens nie, bv. doemdoemple, tinktinkie, toktokkie.

- (2) gekoppelde name van lande, stede, dorpe, tale, dialekte, taalperiodes en afleidings daarvan, bv. Angel-Saksies, Fries-Frankies, Maleis-Portugees, Nieu-Seeland, Nieu-Seelander, Ou(d)-Germaans;

Opm. 1. Ons skryf egter name van tale van die volgende tipe sonder koppelteken: **Hooghollands, Laagmaleis, Middelnederlands, Nedersaksies, Platduits.**

2. Kyk ook Opm. by A (b) (7) insake **Roosnekal teenoor Schwelzer-Reneke.**

- (3) koppelinge van die volgende tipe: **Christelikhistories, Christelik-nasionaal, Rooms-Katoliek, Sosiaal-demokraat;**

Opm. Ons skryf egter **Nederduits Gereformeed of Hervormd los.**

- (4) bepalinge van gesteldheid van die volgende tipe: **been-af, hand-ult, raad-op;**

Opm. 1. Waar sulke bepalinge egter rigting aandui, word hulle los van mekaar geskrywe, bv. **berg af, berg op, jaar in, jaar ult, pad langs.**

2. Kyk by A (b) (5) hier bo insake **padlangs in ander verband.**

- (5) by 'n opeenhoping van klinkers, maar alleen wanneer aaneenskrywe die lees sou bemoeliek of misverstand kan veroorsaak, bv. **Drie-eenhed, drie-elektrodebuls, Drie-enig, ganna-as, na-aap, see-eend, wa-as (teenoor handearbeld, marineoffisier);**

Opm. By 'n aantal woorde het ons wisselvorme, met of sonder koppelteken, bv. **buite-egtelik of buitenegtelik, duifeler of duive-eler, ewe-eens of eweneens, skoppe-aas of skoppenaas.**

- (6) waar dubbelsinnigheid vermy moet word, bv. **dop-ertjie, pronk-ertjie, ru-gare;**

Opm. Baie sulke woorde word tog aanmekaar geskryf, bv. **beroepseer, bokerf, bosluis.**

- (7) by minder gebruiklike verbindings- en woorde wat deur hulle lengte die lees bemoeilik, bv. **Chicago-tentoonstelling, seekus-inboorlingstam, Skooleindsertifikaat-eksamen.**

Opm. Hierby moet heelwat vryheid gelaat word, mits dergelike woorde nie los geskrywe word nie.

- C. Die deelteken word gebruik by 'n opeenhoping van klinkers wanneer die sogenaamde verbindingsvorme (soos elektro- ens.) met volle woorde verbind word, bv. **elektroösmose, mikroörganisme.**

Opm. Wanneer die eerste deel nie 'n verbindingsvorm is nie, maar 'n volle woord, gebruik ons die koppelteken soos in **Drie-eenheid, na-aap** (kyk ook by B (b) hier bo).

TOELIGTING

Verboë vorme word aangedui deur 'n bykomende letter of letters sonder meer aan te gee, bv. „aardige” deur die vermelding „aardig, -e”; of deur vermelding van die verboë vorm van die woord-deel wat bestaan uit die slotkonsonant en die voorafgaande vokaal of vokale, bv. „addisionele” deur die vermelding „addisioneel, -ele”. Dit beteken dat „-ele” agter „addision-” gevoeg moet word.

By meervoude met „-ië” of „-ieë” word die slotletters duidelikheidshalwe herhaal, sodat „alkali, -ië of -'s” beteken ,alkali, alkalië of alkali's” en „religie, -ieë of -s” beteken „religie, religieë of religies”.

Herhaling van 'n b.n.w., bv. „boos, boos of bose”, beteken dat „boos” sowel onverboë as verboë gebruik word: „'n boos kêrel” of „'n bose kêrel”.

Herhaling van 'n enkelvoud beteken dat dit ook as meervoud diens kan doen; bv. „dode, dode of dodes” beteken: die mv. van „dode” is „dode of dodes”.

A

a, -'s

a!

a, ge-

aai, ge-

aaklig, -e

aalmoes, -e

aalmoesener, -e of -s

aalwee, -s of aalwyn, -e

aambeeld, -e

aambeï, -e

aamborstig, -e

aanbevelenswaardig, -e

aanbid, het —

aanbiddelik, -e

aanbie of aanbied of aanbieë,

aange-

aanbieder of aanbieër, -s

aanbod, aanbiedinge of aan-

biedings, of aanbod, -te

aanbrandsel, -s

aand, -e

aandadig of handdadig

aandagtelik of aandagtiglik

aandagtig, -e

aandagtiglik of aandagtelik

aandeelhouer

aandeelsertifikaat of aandeel-

sertifikaat

aandenking, -e of -s

aan die kant (— — — maak)

Aandland of Awendland

aandui of aanduie, aange-

aaneen

aaneenry of aaneenrye of

aaneenryg, aaneenge-

aanerd, aangeërd

aangee (s.nw.), -eë

aangeër, -s

aangeheg, -te

aangespe of aangesper,

aange-

aangryns, aange-

aanhê, aangehad

aanheg, aange-

aan kant (— — maak)

aanklag, -te of -tes

aankomde of aankomende

(— maand)

aankomeling, -e

aanlê, aange-

aanleg, -êe

aanleiding, -e of -s

aanloklik, -e

aanmekaar (aaneen)

aan mekaar (— — gee)

aanmeekaarspring,

aanmeekaarge-

aanmerklik, -e

aanname, -s

aanneemlik, -e

aanneme, -s

aanneming, -e of -s

aanpassingsvermoë

aans of aansies

aansien (sonder — des

persoons)

aansit, aange-

aansitter, -s

aanskoulik, -e

aanslib, aange-

aanspreeklik, -e

aanspreekvorm

aanstalte of aanstaltes

aanstons

aanteel (s.nw.)

aanteel, aange-

aantekening, -e of -s

aantying, -e of -s

aanvaar (aanneem), het —

aanvaar (van 'n skip), aange-

aanvaarding (aanneming)

aanvaring (van 'n skip), -e of

-s

- aanwen, aange-
aanwend, aange-
aanwensel, -s
aapsekos
aapsestert
aapskeloeder, -s
aar (*vlaktemaat*), are
aarbei, -e
aard
aard, ge-
aardig, -e
aarseling, -e
aartappel of ertappel, -s
aartsbiskop
aarverkalking
aasvoël, -s
ab, -te
AB-ab of AB-jab
abaksiaal, -iale
abaktinaal, -ale
abakus, -se
abattoir, -s
abba, ge-
ABC-boek
abdis, -se
abdomen, -s of abdomina
abdominaal, -ale
abdominoskopie
aberrasie, -s
Abessinië
abissaal, -ale
AB-jab of AB-ab
abjater, -s
ablaktasie
ablatief, -iewe
ablaut, -e
abonneer, ge-
abonnement, -e
aboraaal, -ale
aborsie, -s
abortief, -iewe
abortus
abrakadabra
- abragiaat, -iate
absent (*afwesig*)
absenteer, ge-
abses, -se
absint (*likeur*)
absintien of absintine
absis (*wiskunde*), -se
absoluut, -ute
absorbeer, ge-
absorpsie
abstraheer, ge-
abstrak, -te
abstraktheid
absurditeit, -e
abuis
abusief, -iewe
achilie
Achillespees
acholie
achondroplas, -te
achromasie
achromaties, -e
achromatisme
acre (*vlaktemaat*), -s
acta
activa
Actuarius Synodi
adaksiaal, -iale
addendum, -s of addenda
addisie
addisioneel, -ele
adellik, -e
ademloos of asemloos, -ose
adenien of adenine
adenoïde, -s, of adenoïed, -e
adenoïede vegetasie
adenoom, -ome
adhesie
ad hoc-komitee
adieu, -s
adjektief, -iewe
adjektiwies, -e
adjutant, -e

adjudant-generaal,
 adjudante-generaal
 adjunk, -te
 adjunk-kommissaris,
 adjunk-kommissarisse
 admiraal, -aals of -ale
 admissie-eksamen
 adolessensie
 adolessent, -e
Adonis
 adoons, -e
 adosseer, ge-
 adrenalien of adrenaline
 adres, -se
 adresseer, ge-
Advent
 adverbiaal, -iale
 adverbium, -s of adverbia
 adverteer, ge-
 advertensie, -s
 adviseer, ge-
 advokaatpeer of avokadopeer
 aërenchiem
 aërobatiek
 aërobiose
 aërodinamika
 aërofagie
 aërometer
 aërosistose
 afarman
 afasie
 afdraand, -e, of afdraande, -s
 afdraand of afdraans (*b.nw.*
 en bw.)
 afelium of aphelium
 affeil (*dweil*), afge-
 affêre, -s
 affêring, -s
 affidavit, -s
 affilieer, ge-
 affineerdery, -e
 affiniteit, -e
 affodil, -le

affront, -e
 Afgaan, -ane
 Afgaans, -e
 Afganistan
 afgedaan (*die saak is —*)
 afgelas, het —
 afgelasting, -e of -s
 afgestorwene, -s
 afhaak, afge-
 afkeer
 afkeer, afge-
 afkerig, -e
 afkeur, afge-
 afkeurenswaardig, -e
 afkeuring
 aflebie
 afname, -s
 afneming, -e of -s
 afonie
 aforisme, -s
Africana
 Afrikaan (*inboorling van*
 Afrika), -ane
 Afrikaanssprekend, -e
 Afrikaanssprekende, -s
 Afrikaner, -s
 afrikaner (*blomsoort*), -s
 Afrikanerbees
 Afrikanis, -te
 Afrikanistiek
 afrodiët
 afset (*s.nw.*)
 afsetgebied
 afsetter (*bedrieër*), -s
 afsettery
 afsit, afge-
 afsitter (*by atletiek*), -s
 aftob, afge-
 afvyl (*met 'n vyl*), afge-
 ag (*— gee*)
 ag, -s of -te, of agt, -e of -s
 agaat, -ate
 agapant, -e

agar-agar
 agdaegeneesbossie of agtdae-
 geneesbossie
 ageer, ge-
 agenda, -s
 aggie (*klein ag*), -s
 agglomeraat, -ate
 agglutinasie, -s
 agglutiniën of agglutinine
 aggreëaat, -ate
 aggressie
 aggressief, -iewe
 aggressor, -s
 aghoek of agthoek
 agie (*nuuskierige* —), -s
 agiteer, ge-
 agnaat, -ate
 agnostikus, -se of agnostici
 agnosties, -e
 agnostisisme
 a-godsdienstig
 agorafobie
 agrafie
 agrammatisme
 agretjie, -s
 agronoom, -ome
 A-grootterts
 agrostografie
 agste of agtste
 agt, -e of -s, of ag, -s of -te
 agtdaegeneesbossie of agdae-
 geneesbossie
 agtelosig of agterlosig, -e
 agtenswaardig
 agter af (*van* — —)
 agteraf
 agterbly, agterge-
 agterbuurt, -e, of agterbuurte,
 -s
 Agter-Indië
 agterkant
 agterkantse of agterkantste
 agterkom, agterge-

agterlosig of agtelosig, -e
 agtermekaar (*in orde*; soos
dit hoort)
 agter mekaar (*in volgorde*)
 agternasit, agternage-
 agteropskop, agteropge-
 agterossabok
 agterstevoor
 agtertoe
 agteruitgaan, agteruitge-
 agterweë
 agthoek of aghoek, -e
 agtien of agttien
 agtiende-eëus of agttiende-
 eëus, -e
 agtste of agste
 agttien of agtien
 agttiende-eëus of agtiende-
 eëus, -e
 agtuur of aguur (*tydstip*;
maaltyd)
 agt uur of ag uur (*tydsduur*)
 agurkie, -s
 aguur of agtuur (*tydstip*;
maaltyd)
 ag uur of agt uur (*tydsduur*)
 aia, -s (*ook ai voor eiename*)
 aikôna! of haikôna!
 air, -s
 a ja a!
 akant, -e
 akasia, -s
 akelei, -e
 akineties, -e
 akkedis, -se
 akkermonie
 akkerwanie
 akklamasie
 akklimatiseer, ge-
 akkommodasie
 akkompanjeer, ge-
 akkoord, -e
 akkordeer, ge-

akkordeon, -s
 akku, -'s
 akkumulator, -e of -s
 akkusatief, -iewe
 akoestiek
 akoliet, -e
 akondiel
 akoniet
 akrochordaal, -ale
 akrodont, -e
 akropetaal, -ale
 akrostigon, -s
 aks (*maat*), -e
 akselereer, ge-
 aksentueer, ge-
 aksepteer, ge-
 aksiaal, -iale
 aksillêr, -e
 aksioma, -s, of aksioom, -iome
 aksyns, -e
 aktekantoor
 akte-uitmaker, -s
 akteur, -s
 aktinaal, -ale
 aktinie, -ieë
 aktinies, -e
 aktinium (*element*)
 aktinomorf, -e
 aktiveer, ge-
 aktivis, -te
 aktiwiteit, -e
 aktrise, -s
 aktualiteit, -e
 aktuarieel, -iële
 aktuaris, -se
 aktuaris, -se
 aktueel, -uele
 akuut, -ute; -uter, -uutste
 akwaduk, -te
 akwapuntuur
 akwarel, -le
 akwarium, -s
 Alabama (*staat*)

alabama of alibama
 albakoor (*visnaam*), -ore, of
 halfkoord, -e
 albas (*s.nw.*)
 albaste fles
 albaster, -s
 albatros, -se
 albei
 albino, -'s
 albumien of albumine
 albuminoïde, -s of
 albuminoïed, -e
 alchemie
 alchemis, -te
 al dae
 aldag
 aldehide of aldehied
 aldeur
 aldose, -s
 al drie
 aleer
 aleksandryn, -e
 alewig
 Alexandrië
 alfaam of halfaam, -ame
 alfabet, -te
 alfenide of alfenied
 alg, -e, of alge, -s
 algaande (*gaandeweg*)
 al gaande (*onder die loop*)
 algar
 alge, -s, of alg, -e
 algebraïes, -e
 algemeen-menslik
 algorisme of algoritme
 al hoe meer
 alias, -se
 alibama of alabama
 alibi, -'s
 aliëneer, ge-
 alimentasie
 alinea, -s
 alisarien of alisarine

aljimmers
 alkali, -ië of -i's
 alkaloïde, -s, of alkaloïed, -e
 alkant (*dis — selfkant*)
 alkohol, -e
 alla!
 allawêreld! of allewêreld!
 Allah
 allee, -eë
 allegorie, -ieë
 allegories, -e
 allemansgek
 allemastig
 aller (*in — yl*)
 allerbeste
 allerhande
 allerweë
 allesbehalwe (*— slim*)
 alles behalwe (*hy het — — geld*)
 allesins
 allewêreld! of allawêreld!
 alliansie, -s
 alliasie, -s
 allig
 alligator, -s
 allitereer, ge-
 allochtoon, -one
 allonger, ge-
 allotropie
 alluviaal, -iale
 almal
 almandien of almandine
 almaskie
 al meer
 almelewe
 Almoëndheid
 aloïen of aloïne
 alomvattend, -e
 aloue
 alpakka
 Alphonse Lavallée
 (*druifsoort*)

alreeds
 al so lief
 alt, -e
 altans
 alte of al te
 atemit of atemits
 altesaam of altesame
 altruïsties, -e
 altwee of al twee
 altyd
 aluminium (*element*)
 alveolaar (*s.nw.*), -are
 alveolêr (*b.nw.*), -e
 alveool, -eole
 alvleisklier
 alwys
 amalaita, -s
 amaril
 Amasone (*rivier*)
 Amasone, -s (*volk*)
 amasone, -s
 amateur, -s
 ambagsman, -ne
 ambassade, -s
 ambassadeur, -s
 ambisieus, -e
 ambitus
 amebe, -s
 ameboïde of ameboïed
 amendement, -e
 Amerikaner, -s
 Amerikium (*element*)
 ametis, -te
 ametrie
 ameublement, -e
 amfiartrose
 amfibie, -ieë
 amfibies, -e
 amfibool
 amfibrag, -ge
 amfibraggies, -e
 amfideties, -e
 amfiseel

- amfistiel
 amfiteater
 amigdalitis
 amigdaloïde, -s, *of*
 amigdaloïed, -e
 amikaal, -ale
 amiloïde, -s, *of* amiloïed, -e
 ammoniak
 ammunisie
 amnesie
 amnestie
 amoreel, -ele
 amorf, -e
 amorfisme
 amortisasie
 amp, -te
 ampelografie
 ampère, -s
 Ampie (*armeblanke*), -s
 ampie (*klein amp*), -s
 amplitude, -s
 ampseed
 ampshalwe
 amptelik, -e
 amptenaarswêreld
 ampul, -le
 amulet, -te
 amusant, -e
 amuseer, ge-
 anaal, -ale
 anaboom
 anachoreet, -ete
 anachronisme, -s
 anachronisties, -e
 anaërobie
 anagenese
 anaklinaal, -ale
 analfabeet, -ete
 analise, -s
 analiseer, ge-
 analities, -e
 analogie, -ieë
 analogies, -e
 analogon, analoga
 analoog, -oë
 anamorfose, -s
 anapes, -te
 anaplasma
 anargie
 anargis, -te
 anatema
 anatomie
 anatomies, -e
 anatoom, -ome
 anatroop, -ope
 anderdagmôre *of* anderdag-
 more (*die* —)
 anderhalf
 ander kant (*aan die* — —
 van)
 anderkant
 anderkantse *of* anderkantste
 anderland
 andermaal
 anderman (*dis* — *se goed*)
 ander man (*'n* — —)
 anders *of* anderste *of*
 anderster
 andersins
 andersom
 anderste *of* anderster *of*
 anders
 andoelie, -s
 andyvie
 a nee a!
 anekdote, -s
 anekdoties, -e
 anemie
 anemies, -e
 anemofilie
 anemoon, -one
 aneroïde *of* aneroïed
 anestesie
 anetool
 aneurisme
 angelier, -e

- Angel-Saksies, -e
 angina
 Angiosperm, -e
 Anglis, -te
 Anglisme, -s
 Anglofobie
 Anglofoob, -obe
 Anglo-Fries
 Angola
 angora, -s
 anhidride *of* anhidried
 anhidriet
 anilien *of* aniline
 animeer, ge-
 animo
 animositeit, -e
 anioon, -ione
 aniset
 anisodont, -e
 anisool
 anisotropies
 ankilose
 ankilostomiase
 annale
 annalien *of* annaline
 anneksasie, -s
 annekseer, ge-
 annuïteit
 annuleer, ge-
 anode, -s
 anogeen, -ene
 anomalie, -ieë
 anomalodont, -e
 anomodont, -e
 anoniem, -e
 anonimus, -se *of* anonimi
 anorganies
 ansiënniteit
 ansjovis, -se
 Antarkties, -e
 Antarktika
 antediluviaal, -iale
 antediluviaans, -e
 antenne, -s
 antesedent, -e
 antibragiaal, -iale
 antibragium
 antichambre
 antichloor
 antichrese
 Antichris
 antiek, -e
 antifebrien *of* antifebrine
 antifoon
 antikiteit *of* antikwiteit, -e
 antikwaar, -are
 antikwiteit *of* antikiteit, -e
 antiloop, -ope
 antimoon (*element*)
 antinomie, -ieë
 Antiochië
 antipatie, -ieë
 antipode, -s
 antirevolusionêr *of* anti-
 rewolusionêr
 anti-rooktablet
 antirumaties
 anti-Russies
 antisepties
 antisipeer, ge-
 antisjambreer, ge-
 antitese, -s
 antixerofthalmies, -e
 antoftalmies, -e
 antonomasia
 antraks
 antraseen
 antrasiet
 antropofaag, -ae
 antropofobie
 antropologie
 antropoloog, -oë
 antropomorfisme
 antroposentries, -e
 Antwerpen
 Apache, -s

appartement, -e
 apaties, -e
 aperiodisiteit
 aphelium of afelium
 Aphrodite
 apodikties, -e
 apofise
 apogeum
 apokopee
 apokrief, -iewe
 apologeet, -ete
 apologetiek
 apomorfen of apomorfine
 aposiopsis
 apostroof, -owe
 apotema, -s
 apotipe, -s
 apparaat, -ate
 appèl (— *aanteken*), -le of -s
 appellant, -e
 appelleer, ge-
 appelliefie, -s
 appendisitis
 appersepsie
 appersipieer, ge-
 applikee
 apploudisseer, ge-
 applous
 apporteer, ge-
 a priori
 aprioristies, -e
 apropos
 apsis (*boukunde*), -se
 apteek, -eke
 apteker, -s
 aptyt
 arabesk, -e
 Arabië
 Arabier, -e
 Arabies, -e
 Aragnide, -s
 aragnitis
 araroet

arbei, ge-
 Arbeider (*lid van Arbeiders-
 party*), -s
 arbeider (*werker*), -s
 arbiter, -s
 arbitrasie
 arbitreer, ge-
 arbitrêr, -e
 archivalia
 arduin
 arend, -e
 areometer, -s
 argaïes, -e
 argaïsme, -s
 argaïsties, -e
 argeloos of argloos, -ose
 argentaan
 argeologie
 argeoloog, -oë
 argetipe, -s
 argief, -iewe
 argimandriet
 argipel, -le of -s
 argitek, -te
 argitraaf, -awe
 argivalies, -e
 argivaris, -se
 argeloos of argloos, -ose
 argon (*element*)
 Argonout, -e
 argonout (*seedier*), -e
 argont, -e
 aria, -s
 arig (*ongesteld; onvriendelik*),
 -e
 arikreukel, -s
 aristokraat, -ate
 Aristophanes
 Aristoteles
 aritmeties, -e
 arkade, -s
 Arkties, -e
 armada, -s

armadil, -le
 armblanke of armeblanke, -s
 Armeens of Armenies, -e
 Armenië
 Armeniër, -s
 Armenies of Armeens, -e
 armesorg
 armluk, -e
 armoedig, -e
 armsgat
 aroma, -s
 aronskelk
 arpuis of harpuis
 arrangeer, ge-
 arresteer, ge-
 arrie!
 arseen (*element*)
 arseniet
 Artaxerxes
 artefak, -te
 arteriosklerose
 artesies, -e
 artikel, -s
 artikulasie
 artikuleer, ge-
 artillerie
 artilleris, -te
 artisjok, -ke
 artistiek, -e
 artistisiteit
 Artropode, -s
 arts, -e
 artseny, -e
 Arturroman
 as, -se
 asalea, -s
 asbes
 asemloos of ademloos, -ose
 asepsie of aseptis
 aseptien of aseptine
 asepties
 asetaat, -ate
 asetileen

asetoon
 asfalt
 asfiksie
 asgaai of assegaai, -e
 Asiaat, -iate
 Asiatics, -e
 asiditeit
 Asië
 asiel, -e
 asifonaat
 asimmetries
 asimptoot, -ote
 asimut
 asindeties, -e
 asindeton
 askari, -'s
 askeet, -ete
 askese
 asketies, -e
 asma
 asmaties, -e
 asmede
 asof
 asook
 Asore
 asosiaal
 aspaai
 aspersie, -s
 aspirant-kandidaat
 aspirien of aspirine
 aspoestertjie
 aspres of aspris of ekspres
 asseblief
 assegaai of asgaai, -e
 assessor, -e of -s
 assimileer, ge-
 assistent-direkteur, assistent-
 direkteur of -direkteurs
 assumpsie (*met mag van —*)
 astasie
 astaties, -e
 as te (*so nimmer — — nooit*)
 astenie

asterisk, -e
 asteroïde, -s, *of* asteroïed, -e
 astigmatisme
 astomaat
 astragaal, -ale
 astrand, astrand *of* -e
 astrografie
 astronomie
 astronoom, -ome
 astronautiek
 asuur
 asyn
 ataksie
 atavisme
 ateïs, -te
 ateljee, -s
 atematies, -e
 Atheens, -e
 Athene
 Athener, -s
 atjar
 a'tjie, -s
 atlas, -se
 atleet, -ete
 atmosfeer
 atomies, -e
 atomistiek
 atonaal, -ale
 atonie
 atoom, -ome
 atrofie
 attaché, -s
 attachée, -s
 attasjeer, ge-
 attestaat, -ate
 Atties, -e
 Attika
 attraksie, -s
 aubade, -s
 Augustus
 augur, -e
 Augrabies
 Australië

Australiër, -s
 Ave Maria
 avokadopeer *of* advokaatpeer
 Avondmaal *of* Awendmaal
 avonturier *of* awenturier, -s
 avontuur *of* awentuur, -ure
 avontuurlik *of* awentuurlik, -e
 Awendland *of* Aandland
 Awendmaal *of* Avondmaal
 awenturier *of* avonturier, -s
 awentuur *of* avontuur, -ure
 awentuurlik *of* avontuurlik, -e

B

b, -'s
 ba!
 baadjie, -s
 baadjietjie, -s
 baai, -e
 baaios *of* baaisbos
 baaierd, -s
 baaikostuum
 baaisbos *of* baaibos
 Baälspriester, -s
 baanbrekerswerk
 baantjiesoeker
 baar, -der, -ste
 baar (*golf, ens.*), bare
 baar (*vis*), -s
 baar, ge-
 baard, -e
 baardeloos *of* baardloos, -ose
 baars (*vis*), -e
 baasraak, baasge-
 baaspeel, baasge-
 baasverteller
 baat, bate, *of* bate, -s
 baat, ge-
 baba, -s
 babatjie *of* babetjie, -s
 babbeljoentjie, -s

baber, -s
 babesiose
 babetjie of babatjie, -s
 Babilon
 baccalaureaat
 baccalaureus, -se of
 baccalaurei
 baccarat
 Bacchanalieë
 bacchant, -e
 bacchante, -s
 Bacchus
 bacciform, -e
 bad, baaie
 bad (*voorwerp*), -de of -dens
 badhanddoek
 badjie, -s
 badkamer of badskamer
 badwater
 baftablou
 bagasie
 bagasse
 bagatel of bakatel, -le
 bagatel (*spel*)
 bagatelletjie of bakatelletjie,
 -s
 bagger, ge-
 bagno (*bad; tronk*), -'s
 bahuvrihi
 baie
 baiekeer
 baiemaal
 bajadère, -s
 bajonet, -te
 bakatel of bagatel, -le
 bakatelletjie of bagatelletjie,
 -s
 bakbene
 bakkebaard
 bakkersbrood
 bakkies, -e
 bakkopslang
 baklei, ge-

bakore
 baksjies
 bakterie, -ieë of -ies
 bakteries, -e
 bakteriolise
 bakterioliësen of
 bakteriolisine
 bakteriologies, -e
 bakterioloog, -oë
 bal, -le
 bal (*dansparty*), -s
 balalaika, -s
 balans, -e
 balanseer, ge-
 baldadig, -e
 baldakyn, -e
 balderjan
 balein, -e
 balhorig, -e
 balie, -s
 baljaar, ge-
 balju, -'s
 balju'tjie, -s
 balkaniseer, ge-
 balkon, -ne of -s
 ballade, -s
 ballasmandjie
 ballerina, -s
 ballet, -te
 balling, -e
 ballistiek
 ballon, -ne of -s
 ballonmeer, ge-
 ballotasie
 balloteer, ge-
 balsemiek, -e
 balseminie
 balsem-kopiva
 Balt, -e
 Balties, -e
 Balto-Slawies
 balustrade, -s
 bamboes, -e

banaal, -ale
 banaat, -ate
 banana, -s
 band, -e
 bandana, -s
 bandelier, -e of -s
 bandiet, -e
 bandom of bantom, -s
 bangerigheid
 bangheid
 bangmakery
 baniaan, -iane
 banier, -e
 banjo, -'s
 bankbloue, -s
 banket, -te
 banketteer, ge-
 bankoelneut, -c
 bankroetier, -s
 bankrot, bankrot of -te
 bankrotgras
 bankrotwurm
 banksia, -s
 banneling, -e
 bantamgewig
 bantamhoender
 Bantoe, -s
 Bantoeis, -te
 Bantoeïstiek
 bantom of bandom, -s
 baobab, -s
 Bapedi
 Baptis, -te
 baptisterium, -s of baptisteria
 barak, -ke
 barakkeer, ge-
 barat
 baratteer, ge-
 baratterie
 barbaar, -are
 barbaars, -e; -er, -ste
 barbarakruid
 barbarisme, -s

Barbarys, -e
 Barbarye
 barbier, -e of -s
 barbierswinkel
 barbituursuur
 barcarolle, -s
 bard, -e
 barenсноod
 barenсwee, -eë
 barestesiometer
 baret, -te
 bargoens, -e
 bariet
 barisentries, -e
 barisfeer
 bariton, -s
 barium (*element*)
 barlewiet
 Barlinka (*druifsoort*)
 barmhartig, -e
 barnsteen
 baro of baroe
 barograaf, -awe
 Barok
 barok, -ke
 baromakrometer
 baron, -ne
 barones, -se
 baronet, -te
 baroskoop, -ope
 Barotseland
 barrage, -s
 barrikade, -s
 barrikadeer, ge-
 bars, -te
 barstens (*tot — toe*)
 barsterig, -e
 bas (*musiek*), -se
 bas (*van bome*), -te
 basaal, -ale
 basaar, -s
 basaltien of basaltine
 basalties, -e

- basaniet
 baseer, ge-
 Basel
 basel, ge-
 basibrangiaal, -iale
 basidiomiseet, -ete
 basies, -e
 basil, -le
 basilêr (*ontleedk.*), -e
 basiliek, -e, *of* basilika, -s
 basilisk, -e
 basillemie
 basillêr (*geneesk.*), -e
 basillurie
 basis, -se
 basisfenoïde *of* basisfenoïed
 basisiteit
 Bask, -e
 Baskies, -e
 baskule, -s
 Basoeto, -'s
 Basoetoland
 Basoetoponie
 basofilie
 bas-relief, -s
 bassethoring
 bassin, -s
 bassis (*iemand wat bas sing*),
 -te
 basta
 baster (— *koud*)
 baster, -s
 bastereland
 bastiet
 bastion, -s
 bastonnade, -s
 bastonneer, ge-
 basuin, -e
 Bataaf, -awe
 Bataafs, -e
 batalje, -s
 bataljon, -ne *of* -s
 Batavia
- Bataviase
 Batavier, -e
 bate, -s, *of* baat, bate
 batiaal, -iale
 batik (*s.nw.*)
 batik, ge-
 batis
 batoliet
 batometer
 batos
 bauhinia, -s
 bauxiet
 bavenotweeling
 bdellium
 beampte, -s
 beatifikasie
 beatifiseer, ge-
 Beaufortserie
 bebaard, -e
 beblaar, -de
 bebos, -te
 bebroeide-eiers (*plant*)
 bed, -de *of* -dens
 bedaag, -de
 bedaartheit
 bedaadweg
 bedag (— *op iets wees*)
 bedags (*bw.*)
 bedarentheid
 bedaring
 beddegoed
 beddelaken *of* bedlaken
 bedding, -s
 bedees, -de
 bedeestheit
 bedekbloeiend
 bedektelik
 bedelary *of* bedelry
 bedenking, -e *of* -s
 bedenklik, -e
 bedenkyd
 bederf *of* bederwe, het —
 bederfbaar, -are

bederflik, -e
 bederfwerend, -e
 bederwe of bederf, het —
 bedienaar, -s
 bediendekamer
 bediener, -s
 bedilal, -le
 bedink, het —
 bedjakkie
 bedlaken of beddelaken
 bedlêend, -e
 bedlêerig, -e
 Bedoeïen, -e
 bedompig, -e
 bedonderd, -e
 bedorwe
 bedorwenheid
 bedra of bedraag of bedrae,
 het —
 bedraad, het —
 bedrading
 bedrag, -ae
 bedreiging, -e of -s
 bedremmeld, -e
 bedrewe
 bedrewenheid
 bedrieë of bedrieg, het —
 bedrieglik, -e
 bedroë
 bedroef, -de
 bedroef (— *min*)
 bedroewe of bedroef, het—
 bedroef of bedroewe, het —
 bedroefdheid
 bedrog, bedrieërye
 bedruk, -te
 bedruktheid
 bedryfsleer
 bedsprei, -e
 bedugtheid
 bedui of beduie, het —
 beduiweld of beduweld, -e
 bedwelms, -de, of bedwelms, -e

beëdig, het —
 beëdigde ('n — *verklaring*)
 beef of bewe, ge-
 beëindig, het —
 beeldhou, ge-
 beeldhouer
 beeldhoueres, -se, of
 beeldhouster, -s
 Beëlseub
 been, bene of beendere
 been-af
 beenas
 beenderestelsel
 been in die lug of bene in die
 lug
 heërf of beërwe, het —
 beesagtig, -e
 beesgasie of beeskasie
 beesstal
 beesteelt of beesteteelt
 beestelik, -e
 beesteteelt of beesteelt
 beetskry, beetsge-
 bef, -fe of bewwe
 befaam, -de, of befaamd, -e
 befloers, het —
 befloers, -te
 befoeter, -de, of befoeterd, -e
 begaaf, -de; -der, -ste
 begaafdheid
 begaanheid
 begeleider of begeleier, -s
 begeleidster of begeleister, -s
 begerentheid
 begerigheid
 begin of beginne of begint,
 het —
 begoël of begogel, het —
 begonia, -s
 begraaft of begrawe, het —
 begraaftplaas
 begrafnis, -se
 begrawe of begraaft, het —

- begren, -de
 begrensdheid
 begriploos, -ose; -oser, -oosste
 begrotingsdebat
 begum, -s
 begyn, -e
 behaag of behae, het —
 behaar, -de
 behae (*s.nw.*)
 behae of behaag, het —
 behartigenswaardig, -e
 behaviorisme
 beheers, -te
 beheerstheid
 behemot, -s
 behenolie of benolie
 behep
 behoef of behoewe, het —
 behoefte, -s
 behoewe (*ten — van*)
 behoewe of behoef, het —
 behoor of behoort, het —
 bei (*titel*), -s
 beiaard, -s
 beiaardier, -s
 beide
 beier, ge-
 Beier, -e
 Beiere
 Beiers, -e
 beige
 beïnvloed, het —
 beitel, -s
 beits, ge-
 bejaard, -e
 bejeëning, -e of -s
 bek-af
 bekeer, -de, of bekeerd, -e
 bekend maak
 bekendmaking
 bekend stel
 bekendstelling
 bekken, -s
- bekla of beklaag of beklae,
 het —
 beklaagde, -s
 beklad, het —
 bekladding, -e of -s
 beklae of bekla of beklaag,
 het —
 beklaenswaardig of
 beklagenswaardig, -e
 beklag
 beklagenswaardig of
 beklaenswaardig, -e
 bekleder of bekleër, -s
 bekleef of bekleed, het —
 bekleedsel, -s
 bekleër of bekleder, -s
 beknop, -te
 beknotheid
 bekommerd, -e
 bekrompe; meer — of -ner,
 mees — of -nste
 bekrompenheid
 bekwaaldheid
 belaag of belae, het —
 belangeloos, -ose
 belangesfeer
 belanghebbende, -s
 belangrik, -e; -er, -ste
 belang stel
 belangstellend, -e
 belangstellende, -s
 belasting, -s
 belastingdruk
 belastingjaar
 belê of beleg, het —
 beleef, -de
 beleef of belewe, het —
 beleefdheidshalwe
 beleër, het —
 belêër of belegger, -s
 beleg of belê, het —
 beleg, beleëring of beleërings
 belegger of belêër, -s

belegging, -e of -s
 beleid
 belemmer, -de, of belemmerd,
 -e
 belemniet
 belese; meer — of -ner, mees
 — of -nste
 belesenheid
 belewe of beleef, het —
 belewenis, -se
 Belg, -e
 België
 Belgies, -e
 Belialskind
 beliewe (*na sy* —)
 belladonna
 belletrie
 belletris, -te
 belliet
 beloniet
 beloof of belowe, het —
 belsbos
 belus
 belustheid
 belyder of belyer, -s
 bemes of bemis, het —
 bemesting of bemesting
 bemiddelaar, -s
 bemiddeld, -e
 beminlik, -e
 beminnenswaardig, -e
 bemis of bemes, het —
 bemisting of bemesting
 bemoeial, -le
 bemoeiing, -e of -s
 benader, -de, of benaderd, -e
 Benedictus
 benediksie
 Benediktyn, -e, of Benedik-
 tyner, -s
 Benediktyneklooster of
 Benediktynerklooster
 benefaksie

benefisensie
 benefisiaat
 benefisiant, -e
 benefisie
 benefisiër, -e
 bene in die lug of been in die
 lug
 benepe; meer — of -ner,
 mees — of -nste
 benepenheid
 benerig, -e
 benewel, -de, of beneweld, -e
 Bengaals, -e
 Bengale
 Bengalees, -ese
 Bengali
 bengaliet
 benieu, het —
 benieud
 benning, -s
 benodigdheid, -hede
 benolie of behenolie
 benoud, -e
 benoudebors
 benoudheid
 benoudte
 benouenis
 bensaldehyde of bensaldehyd
 bensedrien of bensedrine
 benseen
 bensidien of bensidine
 bensiel
 bensien of bensine
 bensoaat
 bensoësuur
 bensoël
 bensoën of bensoïne
 bensol
 bentos
 benuttinging
 benutting
 benybaar of benydbaar, -are
 benydenswaardig, -e

benyder *of* benyer, -s
 beoordelaar, -s
 beoordelaarster, -s, *of*
 beoordelares, -se
 beoorlog *of* beoorloog, het —
 Beosië
 Beosiër, -s
 Beoties, -e
 bepaald (*bw.*)
 bepaaldelik
 beperk, -te
 beperktheid
 beploe *of* beploeë *of* beploeg,
 het —
 beproef, -de; -der, -ste
 beproef *of* beproewe, het —
 Berber, -s
 berberien *of* berberine
 berberis
 Berbers, -e
 beredruif
 bereis, -de
 bereisdheid
 bereklou (*plant*)
 bêrendlangasem
